
November - Desember 2005

# Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlikheid van die Here soos die waters die seebodem oordek.

Vol. 4, No. 6 Vertalings saamgestel uit die *Tomorrow's World*- en *Living Church News*-tydskrifte



## Persoonlik

Deur Roderick C. Meredith, Hoofredakteur

# Die VREES van God

'n Enorme gevaar wat die voortbestaan van die Westerse samelewing bedreig, is besig om sy kop uit te steek. Dit sal binnekort 'n indrukwekkender en kragtiger uitwerking hê op ons nasies as enige groot aardbewing in die geskiedenis van die mensdom. In eenvoudige terme, is hierdie snelgroeiende gevaar 'n bykans algehele gebrek aan wat die Bybel "*die* **vrees** *van God*" noem.

"Waarom dan opgewonde raak oor hierdie outydse godsdiensidee?" mag u dalk vra. Die *antwoord* is dat wanneer die mensdom afdwaal van die diep respek vir die konsep – en die gesag – van die Skeppergod, loop dit 'n ernstige gevaar om in *anargie* te verval en 'n *totale verbrokkeling* van die sedes van 'n beskaafde samelewing te veroorsaak. Dit loop ook in gevaar om die gramskap van 'n werklike God wat **wel** bestaan, op die hals te haal, iets wat ons *binnekort* sal besef wanneer Hy op selfs kragtiger wyse as vantevore in wêreldgebeure gaan ingryp!

In Amerika, Kanada, Brittanje, Australië en Suid-Afrika, het ons reeds amper daardie punt bereik! Dink vir 'n oomblik aan die meer as *40 miljoen* ongebore babas wat doodgemaak is in die 30 jaar vandat die Verenigde State se Hooggeregshof aborsie gewettig het. Dit oortref by verre selfs die 6 miljoen Jode wat onder Adolph Hitler se Nazi's in Duitsland om die lewe gebring is. Wanneer u dit werklik vanuit ons Skepper se oogpunt beskou, is gewettigde aborsies een van die grootste "slagtings" in die mens se geskiedenis.

Wat deesdae aan die gebeur is in Amerika en ander lande van Britse afkoms, is in wese *dieselfde* as wat in antieke Israel gebeur het nadat hulle hul van God af weggedraai het. Die boek Rigters openbaar 'n vloedgolf van onbeheerste geweld, talle moorde, seksuele gruwels en algemene verwarring en sluit af deur te sê: "In dié dae was daar geen koning in Israel nie: elkeen het gedoen wat reg was in sy oë" (Rigters 21:25).

Met ander woorde, wanneer die mens begin om sy *eie* "standaarde van geregtigheid" uit te dink en begin doen "wat reg [is] in *sy* oë" – dan is groot verwarring, wetteloosheid en chaos uiteindelik die gevolg. U Bybel sê: "Daar is 'n weg wat vir 'n mens **reg lyk**, maar die einde daarvan is weë van die **dood**" (Spreuke 14:12; 16:25). Mense het verskeie idees wat reg "blyk" te wees. Jesus het egter gesê: "*Daar is geskrywe: Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord van God*" (Lukas 4:4).

Al die belydende Christenkerke en leraars weet dat dit Jesus se *fundamentele* leerstelling is om volgens **elke woord** van God te leef. **Waarom** volg hulle dan nie hierdie duidelike leerstelling nie? **Waarom** is dít wat hulle verkondig, *lynreg in teenstelling* met die geïnspireerde opdrag van Christus aangaande homoseksualiteit, aborsie en

'n rits ander kwessies? **Waarom** volhard hulle daarin om hulself "Christene" te noem en *weerspreek* tog *regstreeks* dosyne duidelike leringe van die werklike Stigter van die Christendom?

**Waarom**?

In alle eerlikheid doen hulle dit omdat God vir die meeste van hulle "onwerklik" is. Vir baie mense, insluitende party hoogs geleerdes by Universiteite en kweekskole van die wêreld, is Hy 'n **onwerklike** of **vae intellektuele** begrip. Om dit eenvoudig te stel, hulle het **nie** wat die Bybel "*die* **vrees** *van God*" noem nie.

Die geïnspireerde boek Spreuke sê: "Die **vrees** van die HERE is die beginsel van die kennis; sotte verag wysheid en tug" (Spreuke 1:7). Verder: "Die beginsel van die wysheid is die **vrees** van die HERE, en kennis van die Heilige is verstand" (Spreuke 9:10). Ware kennis, wysheid en begrip vloei alles uit 'n diep *bewustheid* en 'n **ontsag** en diep **respek** vir die Skepper van die hemel en die aarde – die Heer en Lewegewer. Sonder hierdie diep **respek** vir die ware God, strompel die mensdom bloot rond in die duisternis van verwarring, vleeslike begeertes en die **intellektuele ydelheid** van baie mense wat daarvan hou om met verskillende idees te eksperimenteer wat hul eie intellek prikkel!

Die mensdom het dit bitterlik **nodig** om tot 'n diepe bewuswording en waardering te kom vir die grote **God** wat lewe

**Vervolg op bladsy 27**

## Inhoudsopgawe


### Voorblad: Persoonlik

**Die VREES van God**

Dr. Roderick C. Meredith se persoonlike rubriek.

### Hoofartikel..........................3

**Noodsaaklike "sleutel" tot EINDTYD profesie**

**Die weer faktor ..........................9**

**Openbaring: Agtergrond tot 'n Geheimenis ...............................15**

**Hoe is God werklik .....................20**

**Wat sien u? ...............................25**



**Wêreld van Môre**

**Hoofredakteur**
Roderick C. Meredith
**Redaksionele Direkteur**
Richard F. Ames
**Uitvoerende Redakteur**
William Bowmer
**Besturende Redakteur**
Gary F. Ehman
**Streeksredakteurs**
Rod McNair (Filippyne)
Bruce Tyler (Australië)
Gerald Weston (Kanada)
Douglas S. Winnail (Europa)
Sydney J. Hull (Suid-Afrika)

**Nuusburo**
June Olsen

**Streekskantore**

**VSA:**
P.O. Box 3810
Charlotte, NC 28227-8010
Tel: (704) 844-1970
Faks: (704) 841-2244
**www.tomorrowsworld.org**

**AUSTRALIë:**
GPO Box 772
Canberra, ACT 2601
Tel: (07) 5546 0472
Faks: (07) 5546 0768

**KANADA:**
P.O. Box 27202
Toronto, Ontario, M9W 6L0
Tel: (905) 671-3730
Faks: (905) 671-9599

**NIEU-SEELAND:**
P.O. Box 2767
Auckland, New Zealand
Tel/Faks: (09) 435 3592

**FILIPPYNSE EILANDE:**
MCPO Box 1774
Makati City 1257, Philippines
Tel: 63-2-813-6538
Faks: 63-2-867-1569

**BRITTANJE:**
P.O. Box 9092
Motherwell, ML1 2YD Scotland
Tel/Faks: 44-1698-263-977

**SUID-AFRIKA:**
Privaatsak X 3016
Harrismith, FS 9880
Tel: 058 622 1424
Faks: 058 623 1303

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.


© Lewende Kerk van God
Alle regte voorbehou

Alle Skrifverwysings is uit die Ou Vertaling (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).

# Noodsaaklike "sleutel" tot EINDTYD profesie

## Deur Roderick C. Meredith

Hoe kan u *werklik* die traumatiese gebeure verstaan wat die ganse wêreld begin affekteer? Hoe kan u sin maak uit van die moeilikhede wat klaarblyklik veral die Amerikaners en Britse afstammelinge tref wat oor die wêreld versprei is? Wat is die noodsaaklike "sleutel" wat u sal help om die *profetiese betekenis* van die snelbewegende gebeure waaroor elke dag in die koerante en op televisie-nuus berig word, ten volle te snap?

Kan die antieke profesieë wat die Almagtige God eeue gelede geïnspireer het, vir **u** "bewaarheid" word? Kan dit u help om 'n sin vir begrip en doel in u lewe te vind? Kan dit u help om te weet hoe om goddelike beskerming te soek en te vind in die jare wat voorlê?

Terwyl u hierdie belangrike vraagstukke oordink, moet ek hierdie uitdaging aan u bied: U moet gewillig wees om *vir uself* te **bewys** dat die Bybel **–** in sy oorspronklike geskrifte **–** werklik die *geïnspireerde Woord* van u Skepper is. U moet gewillig wees om te verstaan dat die grote **God** wat ons lewe en asem gee, hierdie boek geïnspireer het en dat God in die Bybel *sê wat Hy bedoel en* **bedoel** *wat Hy sê*!

Waar Jesus Christus praat van dít wat die meeste mense die Ou Testament noem, sê Hy dat: "*Die Skrif* **nie** *gebreek* **kan** *word* **nie**" (Johannes 10:35). Jesus sê ook: "U woord is die *waarheid*" (Johannes 17:17). Weer sê Jesus waar Hy van die Ou Testament – *die enigste geskrewe Skrif wat toe beskikbaar was* – praat: "Daar is geskrywe: Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord van God" (Lukas 4:4).

Ongeveer 'n kwart van die hele Bybel is profesie. Dit is **noodsaaklik** dat ons waarlik God se openbaring aan die mensdom verstaan en begryp hoe *Hy* die opkoms en ondergang van nasies sal lei – hoe *Hy* wêreldgebeure en die besluite van mense sal lei om Sy plan hier op aarde mee te bring en die hele mensdom die **lesse** te leer wat ons moét leer ten einde God se uiteindelike doel vir die mens se bestaan te verwesenlik.

Die Ewige God het aan koning Nebukadnesar van ouds vertel dat hy uit sy amp verwyder en grootliks verneder sou word "totdat jy erken dat die Allerhoogste **mag het** oor die koningskap van die mens en dit gee aan wie *Hy* wil" (Daniël 4:32). Die Bybel onthul duidelik dat ons Skepper in beheer is van belangrike wêreldgebeure – dat Hy groot nasies op die been bring en hulle ook *tot 'n val bring* om Sy doel te volbring. God se Woord vertel ons ook: "Die Here **tugtig** hom wat Hy liefhet, en Hy *kasty* elke seun wat Hy aanneem" (Hebreërs 12:6). God dui herhaaldelik aan dat Hy, ons Skepper, *ganse nasies* sal "tugtig" of straf indien nodig, sodat hulle in die proses lesse leer.

### God beloof om die toekoms te openbaar

God se geïnspireerde profeet Amos skryf: "Sal die basuin in die stad geblaas word en die bevolking nie skrik nie? Sal daar 'n onheil in die stad voorval as die HERE dit nie bewerk het nie? Want die Here HERE doen niks tensy Hy sy raadsbesluit aan sy knegte, die profete, geopenbaar het nie" (Amos 3:6-7). Die grootste profeet van alle tye, Jesus Christus, sê dat die *verskriklikste verdrukking in menseheugenis* Sy Wederkoms onmiddellik vooraf sal gaan. Nadat Hy die **eindtyd** gebeure van toenemende *oorloë, hongersnood, siekte-epidemies* en massiewe *aardbewings* beskryf het, sê Jesus: "Want dan sal daar **groot verdrukking** wees soos daar van die begin van die wêreld af tot nou toe nie gewees het en ook nooit sal wees nie. En as daardie dae nie verkort was nie, sou geen vlees gered word nie; maar ter wille van die uitverkorenes sal daardie dae verkort word" (Mattheus 24:21-22).

Die meeste studente van profesie versuim om te vra: "Sal hierdie Groot Verdrukking **alle**

dele van die aarde *ewe veel* raak? Of sal dit *hoofsaaklik* **spesifieke** nasies raak, voor die basuinplae en sewe laaste plae, wat later toeslaan, die hele wêreld sal tref en die *ganse* mensdom sal verootmoedig, net voordat Jesus terugkeer?"

Die antwoord is dat hoewel baie nasies betrokke gaan wees in die komende Verdrukking – party as "werktuie" wat God sal gebruik om ander te straf – *onthul* die Bybel dat die eerskomende Groot Verdrukking *hoofsaaklik* sal fokus op die tugtiging van God se "geboorteregvolke". God het aan hierdie volke die grootste *seëninge* en grootste **mag** gegee in moderne geskiedenis, tog is hulle vinnig besig om *hul rug te keer* op die God wat aan hulle die seëninge gegee het. Trouens, hierdie nasies begin om God se *naam* en **alles** waarvoor Hy staan, te "verag"!

Ons moet dringend te wete kom ***wie*** God se geboorteregvolke is. Ons *eie lewens* kan daarvan afhang, want die Groot Verdrukking – die **grootste** verdrukking in menseheugenis – is bestem om binnekort hoofsaaklik op *hierdie einste mense* toe te slaan.

**Die "geboorteregvolke"**

Toe God vir Abraham sê om Ur van die Chaldeërs te verlaat, sê Hy: "Gaan jy uit jou land en uit jou familie en uit jou vader se huis, na die land wat Ek jou sal wys. En Ek sal jou 'n **groot nasie** maak en jou seën en jou naam so groot maak, dat jy 'n seën sal wees. En Ek sal seën diegene wat jou seën, en hom vervloek wat jou vervloek; en in jou sal **al** die geslagte van die aarde geseën word" (Genesis 12:1-3).

Later sê God vir Abram (soos hy eers genoem is): "Slaan tog jou oë op en kyk van die plek waar jy staan, na die noorde en suide, na die ooste en weste; want *die hele* **land** wat jy sien, sal Ek aan jou gee en aan jou nageslag tot in ewigheid. En Ek sal jou nageslag maak soos die stof van die aarde, sodat as iemand die stof van die aarde kan tel, jou nageslag ook getel kan word" (Genesis 13:14-16). Tog, nes liberale leraars probeer het om baie van die Bybel "weg te vergeestelik", het hulle ook probeer om hierdie teksverse – en die gevolglike **beloftes** van God – weg te verduidelik deur te sê dat dit slegs van toepassing is op die relatief klein nasie van antieke Israel, of slegs op die geestelike seëninge van die Kerk. God praat egter duidelik van *fisiese* seëninge, soos *nasionale grondgebied*, *militêre mag* en *beheer* oor die "poorte" van hul vyande. Hierdie **ontsagwekkende** beloftes *kan nie* nietig verklaar of "weg vergeestelik" word nie!

Byvoorbeeld: Nadat Abraham sy *algehele onderdanigheid* en *vertroue* in God bewys het deur sy bereidwilligheid om sy seun, Isak, te offer, sê die Ewige God: "Ek sweer by Myself, spreek die HERE, omdat jy dit gedoen het en jou seun, jou enigste, nie teruggehou het nie, dat Ek jou ryklik sal seën en jou nageslag grootliks sal vermeerder soos die sterre van die hemel en soos die sand wat aan die seestrand is; en jou nageslag sal die **poort** van sy vyande in besit neem" (Genesis 22:16-17).

Aan Rebekka, wat later die vrou van Abraham se seun, Isak, sou word, is hierdie seën gegee: "Ons suster, mag jy duisende van tienduisende word, en mag jou nageslag die **poort** van sy vyande in besit neem!" (Genesis 24:60). Van watter **poorte** kan hierdie profesieë praat? Watter soort poort kan God se geboorteregvolke help om beide ekonomiese en militêre mag in verskillende wêrelddele te verkry en te behou?

Indien u militêre strategie, geopolitiek en wêreldhandel bestudeer het, sou u herken dat die "seestrate" die belangrikste – en bykans die enigste – poorte is wat die afgelope honderd jaar van enige belang was. Aan **wie** is daar beheer gegee oor bykans al hierdie seestrate? Aan Brittanje en die VSA!

Tot onlangs het Amerika die Panamakanaal beheer, een van die belangrikste seestrate op aarde – en die Britse volk het *wêreldwyd* beheer gehad oor die ander hoof seestrate! Hulle het die Suezkanaal, Singapoer en die Malakka Seestrate, die Straat van Hormuz en die Bab el Mandeb en sodoende die *suidelike* ingang tot die Rooisee beheer, soos die Suez die noordelike ingang beheer het. Die Britte het ook die belangrike vlootbasis in Simonstad, hier in Suid-Afrika, beheer, om die roete om die suidpunt van Afrika te beskerm. Hulle beheer *steeds* Gibraltar (wat die westelike ingang tot die Middellandse See bewaak, asook die Falkland Eilande (wat gebruik is om skeepvaart om die suidpunt van Suid-Amerika te beheer), tog

loop hierdie laaste twee poorte selfs nou die gevaar om uit Britse beheer te ontglip. *Hou die daaglikse nuus dop!*

"So, wat daarvan?" kan party mense vra.

Die antwoord is dat God aan die Amerikaanse en Britse afstammelinge ongekende hulpbronne en welvaart gegee het, asook hierdie "poorte" om handel en vlootoptrede *oral oor die wêreld* te beheer – om hulle in staat te stel om uit te styg tot 'n vlak van mag en voorspoed wat veel verder strek as dié van die Romeinse Ryk of **enige ander** groep van nasies in menseheugenis!

Hierdie feit *mag nie* "weg vergeestelik" word nie!

As gevolg van Abraham se gehoorsaamheid en God se groot *doel*, is hierdie ontsagwekkende seëninge deur Abraham, Isak en Jakob na die *hedendaagse* afstammelinge van Josef oorgedra, naamlik die Amerikaanse en Britse afstammelinge. Diegene van ons wat gewillig is om te verstaan, moet groot *dank*, *lofprysing* en **aanbidding** skenk aan die Ewige God, dat Hy Sy plegtige beloftes hou en Sy **liefde** en **mag** in hierdie laaste dae van menseheugenis toon!

**Hoe God se belofte na ons oorgedra is**

In Sy geïnspireerde Woord spel God Sy beloftes van nasionale grootsheid aan Abraham uit en brei daarop uit deur vir sy kleinseun te sê: "Jou naam is Jakob; jy sal verder nie Jakob genoem word nie, maar **Israel** sal jou naam wees. En Hy het hom Israel genoem. Verder sê God vir hom: Ek is God, die Almagtige. Wees vrugbaar en vermeerder. 'n **Nasie**, ja, 'n **menigte van nasies**, sal van jou afstam, en konings sal uit jou lendene voortkom" (Genesis 35:10-11).

Die naam "Israel" is aan Jakob en sy nageslag toegeken. Watter van Jakob se nasate sou *voortaan* die naam "Israel" dra? Die regte *antwoord* sal u dalk verbaas!

Die meeste mense *neem aan* dat "Israel" en "die Jode" sinoniem is! Hulle is egter **nie**! Jakob, wie se naam na "Israel" verander is, het twaalf seuns gehad. Een van hulle se naam was "Juda", waar die Jode vandaan kom. Een van die jonger seuns se naam was "Josef". Dit was vir *hom* wat Simeon, Levi, Juda en die ander broers as slaaf verkoop het. Die Bybel vertel ons dat hulle *jaloers* was op Josef: "En Israel het Josef meer lief gehad as al sy seuns; want hy was vir hom 'n seun van die ouderdom; en hy het vir hom 'n lang rok met moue gemaak. Toe sy broers sien dat hulle vader hom meer as al sy broers liefhet, het hulle hom gehaat en kon nie vriendelik met hom praat nie" (Genesis 37:3-4).

Nadat hy in slawerny verkoop is in Egipte, het Josef opgang gemaak deur "goewerneur" te word van die *ganse nasie* met net Farao bó hom! Josef het *ongewone vermoë* gehad om mense en materiële rykdom met vaardigheid en wysheid te bestuur.

Aan die einde van Israel se lewe, lei God hom om aan Josef, **nie** Reuben, Juda of een van die ander ouer broers nie, die "geboortereg" erfporsie van groot rykdom en mag te gee. Juda, vader van die Joodse volk, ontvang die "septer"-belofte **–** dat die koningslyn en die Messias uit hom sou kom wat uiteindelik oor *alle nasies* sou *heers* (Openbaring 11:15). Let op die duidelike *Bybelse bewys*: "En die seuns van Ruben, die eersgeborene van Israel – want hy was die eersgeborene; maar omdat hy die bed van sy vader ontheilig het, is sy eersgeboortereg aan die seuns van Josef, die seun van Israel, gegee, maar hy moes nie in die geslagsregister volgens die eersgeboortereg aangegee word nie; want Juda was sterk onder sy broers, en uit hom het een 'n vors geword, *maar die* **eersgeboortereg** *het Josef gehad*" (1 Kronieke 5:1-2).

Net voordat Jakob (of "Israel") dus oorlede is, lei God hom om sy hande op Josef se twee seuns (nie Juda nie) te plaas en aan *hulle* die "geboortereg"-belofte te gee (Genesis 48:14-22). Kort hierna, terwyl hy sterwend was, "het Jakob sy seuns geroep en gesê: Kom bymekaar, dat ek julle kan verkondig wat julle aan die **einde van die dae** sal wedervaar" (Genesis 49:1). Let daarop dat hierdie belofte in die "laaste dae", die **einde** van hierdie tyd, tot vervulling sou kom. God sê van Juda, die Jood: "Die septer sal van Juda nie wyk nie, nóg die veldheerstaf tussen sy voete uit totdat Silo kom; en aan Hom sal die volke gehoorsaam wees" (vers 10). Juda het ongewone briljantheid in baie opsigte getoon en sou

deur sy broers "geloof" (vers 8) word. Die woord Juda *beteken* eintlik "lof". In die hedendaagse tye het die Albert Einsteins, Leonard Bernsteins, Alan Greenspans, Ernest Oppenheimers en *talle* van die wêreld se uitnemende wetenskaplikes, musici, dokters en ekonome uit die Joodse volk gekom – in verhouding **veel meer** as van enige ander etniese groep op aarde! Van Juda het koning Dawid en later ook Jesus Christus Self, asook die meeste van Sy Apostels gekom. Daarom verdien die Joodse volk beslis *lof* en respek vir hul vermoëns en bydraes tot die mensdom. Ons moet ook altyd die feit in gedagte hou dat Jesus Christus ons Verlosser – toe Hy 'n mens was – 'n *Jood* was.

Soos die Bybel egter duidelik toon, het die *geboorte-reg* aan **Josef** behoort (1 Kronieke 5:2). Wanneer ons dus Genesis 49 lees, sien ons net een of twee verse wat die lotsbestemming beskryf van die moderne nasies wat van Jakob afstam. Wanneer ons egter lees wat God Jakob geïnspireer het om oor *Josef* se afstammelinge te profeteer in die "laaste dae" – ***sjoe***!

**Waarom is die geboortereg-belofte vertraag?**

Indien hulle die "geboortereg-belofte" beërwe het, waarom het Amerika en die Britse afstammelinge eers in die laaste 200 jaar tot ware grootsheid gekom? In Levitikus 26 waarsku God Israel dat indien hulle tot die aanbidding van afgode verval, Hy die volk "sewevoudig" vir hul sondes sou straf. Die implikasie van die Hebreeuse woord wat "sewevoudig" vertaal is, dui op die tydsduur van die straf, nie bloot die intensiteit nie, soos in Nebukadnesar se "sewe keer" (sewe jaar) van straf (sien Daniël 4:32). Wat is 'n profetiese "keer"? Openbaring 12 en 13 gebruik die uitdrukking "1,260 dae" en "tyd, tye en 'n halwe tyd" en "42 maande" uitruilbaar. Twee-en-veertig maande van 30 dae elk is gelyk aan 1,260 dae of 3 ½ jaar. Dan is dit duidelik dat 2,520 dae – twee maal 1,260 dae – gelyk is aan "sewe keer". Numeri 14:34 en Esegiël 4:6 stel die beginsel vas dat 'n dag gelyk is aan 'n jaar in die vervulling van Bybelprofesie. Van 721 v.C, toe Israel vir die eerste keer in ballingskap gegaan het, sou hierdie "sewe keer" verlenging van hul straf vir 2,520 jaar duur – tot 1800 n.C., toe die VSA en die Britse Ryk inderdaad hul vinnige opkoms tot wêreldoorheersing begin het. God het sy belofte om Israel te seën, nagekom; Hy het dit ook vertraag volgens Sy beloofde straf!

Vir die afgelope 200 jaar of meer, het die Britse afstammelinge van die volke van die VSA, Kanada, Brittanje, Australië, Nieu-Seeland en Suid-Afrika die keurgebiede van die aarde bewoon en ongeëwenaarde seëninge van voorspoed en nasionale mag ontvang. Selfs nie eens die mense van die Romeinse Ryk, toe dit op sy kruin was, het die rykdom en mag – en wêreldwye invloed – gehad waarmee Amerika en die Britse volke geseën is nie. Saam het ons die Eerste- en Tweede Wêreldoorloë gewen (deur God beheer; sien "Die Weerfaktor"-artikel in hierdie uitgawe); wonderbaarlike omstandighede en ongelooflike misstappe deur ons vyande het aan Amerika en Brittanje beslissende oorwinnings in daardie groot oorloë gegee. Saam was hierdie nasies vir baie jare absoluut ***onoorwinlik***.

Na die Eerste Wêreldoorlog moes die VSA egter toegee in die konflik in Korea en het toe werklik 'n mate van vernedering in die Vietnam-oorlog gesmaak. Amerika het gou 'n *beperkte* "oorwinning" behaal in die Eerste Golfoorlog (hoewel hulle nie Bagdad bereik of Saddam Hoessein uit die kussings gelig het nie). In die Tweede Golfoorlog kom Amerika egter *verskriklike* struikelblokke teë in hul pogings om "die werk in Irak klaar te maak". In die maande en jare wat voorlê, sal dit baie moeilik wees – indien nie onmoontlik nie – om Irak en die res van die Islamwêreld te "demokratiseer". Amerika moet 'n paar *vreeslike* lesse leer, namate hulle afdwaal van God – tog verwag baie Amerikaners nog dat die God van die hemel "hul altyd sal help" soos Hy in die afgelope geslagte gedoen het!

Onthou, die wonderlike fisiese seëninge wat Amerika ontvang het, is *nie* gegee as gevolg van die nasie se inherente goedheid nie. Dit het ons toegeval weens 'n hele reeks *ontsagwekkende beloftes* wat die Ewige God aan die Bybelse patriarge, naamlik Abraham, Isak en Jakob, gemaak het. *Let noukeurig op*

*hierdie beloftes*. Onthou dat Jesus gesê het dat “die Skrif nie gebreek kan word nie” (Johannes 10:35).

**Amerika en die Britse Ryk in profesie**

Lees die wonderlike profesie aandagtig: “Josef is 'n jong vrugteboom, 'n jong vrugteboom by 'n fontein; sy takke klim oor die muur. Die boogskutters het hom wel geprikkel en hom beskiet en hom bestry, maar sy boog het sterk gebly, en die arms van sy hande was buigsaam, deur die hande van die Magtige van Jakob – daarvandaan waar die Herder, die Steen van Israel, is, van die God van jou vader, wat jou help, en met die hulp van die Almagtige wat jou seën met seëninge van die hemel daarbo, met seëninge van die watervloed wat daaronder lê, met seëninge van borste en moederskoot. *Die seëninge wat jou vader ontvang het,* **oortref** *die seëninge van die ewige berge, die kostelike gawes van die ewige heuwels*. Dit sal wees op die hoof van **Josef** en op die hoofskedel van die uitverkorene onder sy broers” (Genesis 49:22-26).

Onthou, hierdie geïnspireerde profesie sê vir ons wat sou gebeur met Efraim en Manasse, Josef se seuns, wat bestem is om 'n enkele “groot” nasie en ook 'n “menigte” of *gemenebes* van nasies te word (Genesis 48:8-19). Hulle sou die naam “Israel” dra (vers 16)!

Waar het ons, in die laaste dae, een werklike **groot** nasie en 'n groep verwante volke gesien wat 'n “**menigte van nasies**” geword het, wat die afgelope 200 jaar almal saam geseën is met nasionale rykdom en mag *bo alle ander nasies*? Wanneer u oorweeg waar hierdie kragtige profesieë in hedendaagse tye vervul kon word, is dit duidelik dat **slegs** die VSA en volke van Britse afkoms *hierdie spesifieke voorspellings* kon vervul!

In hierdie laaste dae is dit duidelik dat die VSA oorweldigend die magtigste en voorspoedigste nasie op aarde is. Laat ons egter *nie vergeet* dat die **Britse Ryk,** tot en met die einde van die Tweede Wêreldoorlog, die grootste en magtigste groep van nasies was wat ooit in menseheugenis bymekaargekom het nie! Daar is dikwels gesê: “Die son sak nooit oor die Britse Ryk nie.” Hierdie magtige ryk wat bestaan het uit Brittanje, Kanada, Australië, Nieu-Seeland, Indië, Suid-Afrika, beide Noord- en Suid-Rhodesië (nou Zambië en Zimbabwe), Egipte, die Soedan en baie ander nasies en gebiede, het om die aarde gestrek en die lot van *honderde miljoene* mense gelei, een van die magtigste seevlote ter wêreld besit, die belangrikste “seestrate” op aarde beheer en sy taal, letterkunde en handel oor die hele wêreld versprei op 'n wyse wat geen ander mag tevore gedoen het nie.

Tesame was die VSA en die Britse Ryk absoluut onoorwinlik – totdat hulle van God begin wegdraai het. Die twee “broers”, Efraim en Manasse, is beheer gegee oor die meeste van die wêreld se ontwikkelde hulpbronne. Hulle deel 'n gemene taal, kultuur en godsdiens. Wanneer'n mens die geïnspireerde profesie van Genesis 49:22-26 lees, moet jy geraak word deur die woorde van hierdie merkwaardige profesie vir hierdie twee “broeder”-nasies in die laaste dae: “Die Almagtige wat jou seën met seëninge van die hemel daarbo, met seëninge van die watervloed wat daaronder lê, met seëninge van borste en moederskoot. *Die seëninge wat jou vader ontvang het,* **oortref** *die seëninge van die ewige berge, die kostelike gawes van die ewige heuwels*. Dit sal wees op die hoof van **Josef** en op die hoofskedel van die uitverkorene onder sy broers” (verse 25-26).

Hierdie woorde stem baie ooreen met die godsdiens- en patriotiese gesange van die twee nasies wat hul gemeenskaplike seëninge “uit die diepte van ons seë, deur ons ver verlate vlaktes beskryf”. Regdeur sy toesprake en in sy skrywes, het Sir Winston Churchill kommentaar gelewer oor die merkwaardige en betekenisvolle verhouding tussen die Amerikaners en Britse afstammelinge. Een van hierdie vooruitsiende stellings is vervat in Churchill se toespraak aan die Amerikaanse Kongres op 26 Desember 1941: “As u my sal toelaat om 'n ander taal te gebruik, sal ek sê dat dié een blind is wat nie kan sien dat 'n groot doel en bestemming hieronder uitgewerk word nie, iets waaraan ons die eer het om getroue dienaars te wees. Dit is nie aan ons gegee om in die

geheimenisse van die toekoms te loer nie. Tog is dit my hoop en geloof, seker en gewyd, dat in die tyd wat voorlê, die Britse en Amerikaanse volke vir hul eie veiligheid en die beswil van almal, in majesteit, geregtigheid en vrede saamstap".

Inderdaad, soos Churchill dit gestel het, word 'n "groot doel en bestemming" hier op aarde uitgewerk. Die Amerikaanse en Britse volke *is* gebruik as God se "dienaars" om 'n mate van vrede en mensevryheid in die hedendaagse wêreld te bewaar – *tot en met onlangse jare*!

Soos ons egter al verder van God en Sy weë afdwaal, het *Hy* die val van die voormalige Britse Ryk meegebring. *Hy* het die *meeste* van die ***seepoorte*** weggeneem wat voorheen deur Brittanje en Amerika beheer is. Hy is *tans* besig om beide hierdie volke te **verootmoedig** namate bykans alles begin ***verkeerd loop*** in hul oorloë, namate die Amerikaanse dollar aanhou om in waarde te verminder en respek vir Amerika en Brittanje *oral oor die wêreld* afneem! Wat sal dus die uiteinde van dit alles wees?

## God se liefdevolle regstellende straf

God het die Amerikaners en Britse afstammelinge geroep as "beskermhere" van die groot seëninge wat Hy aan Abraham belowe het. Hierdie seëninge is **nie** gegee omdat hulle in enige geestelike of morele sin "beter" is nie. God *waarsku* herhaaldelik spesifiek in baie profesieë, dat indien Sy volk hulle van Hom wegkeer, Hy hierdie seëninge sou *wegneem* en hulle in nasionale verdrukking en oneer sou bring! Die Groot Verdrukking wat Jesus Christus voorspel, is spesifiek voorspel om Israel **en** Juda in die laaste dae te tref (Jeremia 30:4-6). God sê: "Wee, want die dag is groot, sonder weerga! En *dit is 'n tyd van* **benoudheid vir Jakob**; maar hy sal daaruit verlos word. En op dié dag, spreek die HERE van die leërskare, sal Ek sy juk verbreek van jou nek af en jou stroppe stukkend ruk; en vreemdes sal hom nie meer diensbaar maak nie. Maar hulle sal die HERE hulle God dien en hulle koning Dawid wat Ek vir hulle sal verwek" (verse 7-9).

Hierdie tyd van "**Jakob se benoudheid**" wat op die afstammelinge van die **ganse** Huis van Israel sal kom, gaan beslis hoofsaaklik op die afstammelinge van Efraim en Manasse kom, wat in die eerste plek hierdie seëninge van God ontvang het!

God dui aan wanneer hulle uiteindelik gered sal word: "Vreemdes sal hom *nie meer diensbaar maak nie*". Dan ook: "Maar hulle sal die HERE hulle God dien en hulle koning **Dawid** wat Ek vir hulle sal *verwek*". Dit is ten tye van die **opstanding** *uit die dode* wanneer koning Dawid weereens koning oor Israel gemaak sal word. Toe die profeet Esegiël geïnspireer is om die hereniging van al die stamme van Israel in Esegiël 37:24 te beskryf, sê hy: "En my kneg **Dawid** sal *koning oor hulle* wees, en hulle sal almal een herder hê; en hulle sal in my verordeninge wandel en my insettinge onderhou en daarna handel". Ook vers 25: "My kneg **Dawid** sal hulle vors wees vir ewig".

Hoewel die God van die hemel op die Amerikaners en Britse afstammelinge die *grootste nasionale verdrukking* in menseheugenis sal bring, sal Hy hulle uiteindelik terugbring: "Hulle sal kom met *geween*, en met *smekinge* sal Ek hulle lei" (Jeremia 31:9). *Nadat* hulle genoeg verneder is om hul les te leer, sal God hulle red. Intussen moet ons almal besef dat God **Sy woord gehou het**! Hy *het* aan die seuns van Abraham deur die seuns van Josef – Efraim en Manasse – die **ontsagwekkende** seëninge gegee wat Hy beloof het. Wanneer ons die noodsaaklike "sleutel" tot ons nasionale oorsprong verstaan, moet ons ons nie net verheug nie, maar ook *waak* daarteen dat ons, individueel, beskerm mag word van hierdie komende Groot Verdrukking, **mits** ons *ons* waarlik bekeer en tot God wend. Toe Jesus Christus van die vreeslike gebeure praat wat voorlê, sê Hy: "**Waak** dan en **bid** altyddeur, sodat julle waardig geag mag word om al hierdie dinge wat kom, te **ontvlug** en voor die Seun van die mens te staan" (Lukas 21:36). Elkeen van ons moet *verstaan* en hierdie belangrike "sleutel" tot begrip van die **eindtydprofesie** vir onsself bewys! WvM

# Die weer faktor

## Deur Douglas S. Winnail

*Twyfelaars mag die idee bespot dat God wêreldgebeure bestuur maar die geskiedenis vertel 'n ander verhaal!*

Dit word vandag dikwels as onvanpas beskou om ernstig van God in die klaskamer of in teksboeke te praat. Talle mense grynslag wanneer 'n wêreldleier God se naam noem en beskou enigiemand wat glo dat God direk in wêreldgebeure ingryp as jammerlik onkundig of swaksinnig. As gevolg daarvan, is die moderne geskiedenis gesuiwer van alle verwysings na die bonatuurlike en die rol wat God in wêreldgebeure speel.

Een van die groot tragedies van ons era is die feit dat *merkwaardige getuienis* van bonatuurlike ingryping hedendaags geïgnoreer, verbloem of doelbewus weerhou word van die meeste mense! Die Bybel en die geskiedkundige verslae toon duidelik dat God op *dramatiese wyse* in die aangeleenthede van die mensedom ingegryp het – dikwels deur middel van die weer. Bybelprofesie dui daarop dat God in die jare wat voorlê weer op verstommende wyse sal *ingryp* deur middel van weerverwante gebeure. U moet verstaan waarom!

**God, die Bybel en die weer**

In die Bybel is gevalle aangeteken waar God herhaaldelik *die weer* gebruik het om sy doel te bewerkstellig. So skep God 'n *groot vloed* deur middel van 40 dae se stortreën om 'n samelewing te beëindig wat totaal verrot is met geweld, boosheid en verdorwenheid (Genesis 6:5-13). Wêreldgesindes mag die Bybel se weergawe betwyfel dat so 'n vloed ooit plaasgevind het en dit probeer afmaak as 'n legende afkomstig van die Babiloniese mitologie. Selfs die vlugtige deurlees van die Babiloniese *Epic of Gilgamesh*, waarvan 'n meer realistiese weergawe in die Bybel is, gee te kenne dat die Babiloniese verhaal 'n verbeeldingsvlug is. Diegene wat aanneem dat die vloed slegs 'n lokale gebeurtenis was, ignoreer die feit dat oorlewerings oor Noag se vloed *oor die hele wêreld* voorkom – van Babilon tot in Egipte, Griekeland, China, Polinesië, Meksiko en Peru. Die *wêreldwye* kennis van hierdie legende maak net sin indien die gebeurtenis *werklik plaasgevind* en God *wel* ingegryp het in die mens se doen en late deur middel van weerverwante gebeure!

Ten einde te begryp *waarom* God namens sekere individue en volke ingegryp het, moet ons God se plan verstaan soos openbaar in die Bybel. Na die Vloed, begin God met Abraham en sy familie werk. God beloof aan Abram en Sarai dat – *indien hulle Sy wette sou gehoorsaam* – hulle nageslag sekere lande sou beërf, hulle geseënd sou wees en groot nasies word asook 'n seën wees vir die wêreld (Genesis 12:17). Hierdie beloftes – *onderhewig aan gehoorsaamheid* – is aan hulle seun Isak en hulle kleinseun Jakob herhaal en daar is ook daarop uitgebrei en uiteindelik gefokus op Josef en sy seuns Efraim en Manasse – wie se afstammelinge vandag geïdentifiseer kan word (bestel gerus ons gratis boekie *Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika?* vir meer inligting aangaande hierdie onderwerp).

Josef se broers was jaloers op hom as gevolg van voorspellings oor sy toekoms en verkoop hom as slaaf waarna hy in Egipte beland. Om Farao se aandag op Josef te vestig, maak God gebruik van 'n weerverwante droom waarin sewe jaar van oorvloed gevolg deur sewe jaar van hongersnood voorspel word (Genesis 41). Soos in die droom voorspel, beland Josef se hele familie as gevolg van die hongersnood in Egipte waar hulle in getalle aangroei en die Egiptenare hulle as slawe gebruik. God verlos egter die Israeliete deur 'n reeks bonatuurlike plae met onder andere 'n skrikwekkende haelstorm (Eksodus 9:18) wat

hierdie magtigste land op aarde sou verneder en só sy almag aan die Egiptenare sou vertoon. Toe die Egiptenare hulle agtervolg sê Moses vir die vreesbevange Israeliete "Die HERE sal vir julle stry" (Eksodus 14:14,25; Josua 23:3). Daarna *kloof* God die waters van die Rooisee met 'n *sterk oostewind* oop en die Israeliete kon ontvlug, terwyl die Egiptenare omgekom het terwyl die water terugvloei.

Twyfelaars maak hierdie verhale af as mites, tog word Josef vermeld in *geskrifte* en *dokumente* van antieke Egipte, Griekeland en Arabië. Daar word melding gemaak van sewe jare van oorvloed en sewe jare van hongersnood, van die groot plae wat oor Egipte gekom het asook van Moses wat die Eksodus uit Egipte lei deur die Rooisee (sien: *The Signature of God*, Jeffrey, bl 44-53; asook *The Exodus Case*, Moller). God het die Israeliete verlos omdat Hy die volk wou gebruik – indien hulle Sy gebooie gehoorsaam – as 'n *voorbeeld wat die wêreld kon navolg* (Deuteronomium 4:1-10). Die Israeliete was egter *ongehoorsaam* en is deur die Assiriers verslaan. Na hulle ballingskap migreer die Israelitiese stamme na Noordwes Europa, waar die geskiedenis van die Britse en Amerikaanse volkere *dramaties illustreer* hoe God in die mens se doen en late ingryp om Sy plan en profesieë tot *vervulling te bring*.

**Storms en die vooruitgang van Brittanje**

Die vooruitgang van Brittanje as 'n wêreldmag begin in 1588 met die oorwinning en verwoesting van die Spaanse Armada. Die Spaanse koning Philip II het die wêreld se magtigste militêre mag beheer en 'n wêreldryk regeer. Hy het geglo dat hy as heerser deur God gekies is en was vasberade om die "Christendom" wat deur die Reformasie verpletter is te herenig. Aangemoedig deur sukses na die anneksasie van Portugal, die inval van die Asone en die oorwinning oor die Turke by Lepanto, het Philip sy "onoorwinlike" Armada van 130 skepe en 30,000 man geloods om Engeland te laat terugkeer na die Rooms Katolieke geloof (sien *Empire, War and Faith*, Parker). Philip het geglo dat aangesien hierdie "onderneming aan God opgedra is ... God goeie weer sou voorsien" en dat "God sou toesien en verseker dat die verlangde resultate behaal word" (ibid., bl. 61).

Toe die Armada egter uit Lisabon vaar, is dit geteister deur stormwinde en 'n onstuimige see wat die skepe beskadig en versprei het terwyl die moraal van die bevelvoerders en manskappe erg geskaad is. Toe hulle die Engelse Kanaal bereik, was hulle in 'n reeks gevegte met die Britse Vloot betrokke. Alhoewel die Britte minder en swak voorsiende skepe gehad het, was hulle vinniger en toegerus met ysterkanonne wat vinniger en verder kon vuur as die bronskanonne van die Spanjaarde. Nadat die Spanjaarde verskeie skepe in 'n geveg aan die kus van Frankryk verloor het, het die Spaanse admiraal nogtans noordwaarts rigting gekies na Skotland met nog steeds 'n magtige vloot van 100 skepe. Hulle is agternagesit deur die Britse vloot wat toe byna sonder buskruit was.

Alhoewel sommige moderne geskiedskrywers die oorwinning toeskryf aan die voortreflike tegnologie en bewapening van die Britse skepe, *was dit in werklikheid die weer* – asook die sogenaamde "Protestantse" wind wat die deurslag gegee het. Die Historikus, Simon Schama, verklaar dat dit "*met elke stadium die geografie en die weer* was wat die uitslag bepaal het ... dit was toe die Armada om die noordwestelike punt van Skotland gevaar en in die *genadelose Hebridiese onweer en stormswindstorms* beland het dat hulle *vernietig* is" (A History of Britain, bl. 386). Met die lewensgevaarlike seereis om Ierland het die Spanjaarde 30 tot 40 skepe verloor terwyl die 50 gehawende bote wat terug Spanje toe gesukkel het, beman is deur 'n uitgedunde mag van honger, dors en siek soldate.

'n Eeu later sou die weer weereens 'n *dramatiese rol* speel in die Engelse geskiedenis. Toe koning James II probeer om Engeland weer Rooms Katoliek te maak, nooi die Engelse adellikes die Nederlandse Protestante Prins, William van Oranje, om

tussenbeide te tree. In 1688 het William 'n armada geloods wat selfs groter was as die Spaanse Armada – bestaande uit 500 skepe, 40,000 manskappe en 5,000 perde. William het 'n kollosale waagstuk aangegaan met die inval in November, maar hierdie keer sou 'n reeks *merkwaardige veranderings* in die weer die invaller begunstig! Die Nederlandse vloot het oorspronklik noord gevaar, "maar die *elemente het beheer oorgeneem. 'n Stormwind het begin waai* en die vloot moes in 'n suidelike rigting seil, deur die Straat van Dover en toe wes" (*This Sceptred Isle*, Lee, bl. 283). Hierdie verandering in die wind het William se sukses aangehelp deur "James se vloot in die Thamesmonding vas te keer" (*The Glorious Revolution*, Miller, Bl. 14). Terwyl die Armada verby Torbay aan die suid-kus van Engeland vaar, *verander* die wind *skielik* weer en laat die Nederlandse skepe toe om gemaklik Torbay binne te seil – tog het dieselfde wind die Britse vloot wat die Nederlanders agtervolg het, *verhinder* om met die landing in te meng! William se waaghalsige inval was suksesvol as gevolg van die "giere van die kanaalwinde ... wat 'n ontmoeting van die antagoniste *onmoontlik gemaak* het en ... verseker 'n totale Nederlandse sukses" (*The English Navy in the Revolution of 1688*, Powley, bl. 94). Talle mense in Holland en Engeland het hierdie gebeure gesien as weer 'n goddelike ingryping van die "Protestantse" wind.

Gure weer het ook die Franse se planne om Engeland binne te val en Rusland te verower gestuit. Sodoende is die Franse se planne vir wêreldwye uitbreiding beperk. In 1759 is 'n Franse inval in die wiele gery toe die Britse bevelvoerder, Edward Hawkke, "*in 'n dreigende storm* ... die Franse vloot agternagesit het tot diep in Quiberonbaai aan die suid-kus van Bretagne waar dit vernietig is – twee derdes het vergaan, is uitgebrand of op beslag gelê – met hierdie oorwinning het die Britse vloot die oppergesag verkry en die oorwinning verseker in Brittanje se stryd om 'n kolonie te bekom (*Empire*, Ferguson, bl. 36). As dit nie was vir die *digte mis* wat die ooskus van Australië verberg het vir die Franse ontdekkingsreisiger, Bougainville nie, kon Kaptein James Cook nie daardie kontinent vir Brittanje opgeëis het nie en sou die Australiërs moontlik vandag Frans gepraat het in plaas van Engels (*Captain James Cook*, Hough, bl. 52-53). Gedurende die Napoleonitiese oorloë, het sneeu en ysige temperature die Franse se pogings om Rusland te verower gedoem en 'n *skielike reënstorm* het Wellington 'n onverwagse voordeel gegee bo Napoleon by Waterloo (*The Battle 100*, Lanning, bl. 30-33). Napoleon se nederlaag het die Franse oorheersing in Europa beëindig.

Bybelprofesie voorspel dat Brittanje (Efraim) "'n menigte van nasies sal word" en 'n groot gekoloniserende volk (Genesis 48:19; 49:22-24), terwyl die Franse, wat afstammelinge van Reuben is, 'n ander toekoms sou hê (sien Genesis 49:3-4). Die geskiedenis van Brittanje en Frankryk *demonstreer* hoe God *tussenbeide getree* het deur die weer te gebruik om Sy plan te volbring!

'n Onlangse boek wat gepubliseer is bied verdere getuienis dat onlangse argeologiese werk bewys het dat daar in die vroeë 1400's, onder 'n vooruitstrewende en ekspansionistiese keiser, Chinese skepe van meer as 137 meter lank, groter en meer gevorderd was as enige skepe in Europa, om die aardbol gevaar en kolonies gevestig het in Amerika, bykans 'n eeu voor Columbus. Tog in 1421 bars 'n "*hewige storm*" oor die Verbode Stad los ... *weerlig tref* die Paleis ... *die hele stad was in ligte laaie* (*1421*, Menzies, bl. 75). Die Chinese het hierdie ramp gesien as 'n slegte voorbode deur hul gode en die Keiser is ontsetel. Die Chinese leiers het tot inkeer gekom, die ontdekkingsreise beëindig, die vloot afgetakel en die rekords oor hulle ontdekkings vernietig. Sonder hierdie dramatiese *weerverwante* reeks gebeure sou die Chinese – *nie die Britte* – die see regeer en sou die dominante kultuur van die wêreld Oosters eerder as Westers gewees het. God het egter die *verloop van die geskiedenis* reeds duisende jare gelede in die Bybel *verwoord* en sou Hy *tussenbeide tree* om Sy doel te volbring (sien Jesaja 46:8-10).

**Die Geboorte van Amerika**

Tydige weerveranderings het ook 'n beslissende rol gespeel in die Verenigde State se Vryheidsoorlog. Vroeg in die oorlog beset George Washington die Dorchester Hoogtes wat oor die Bostonse hawe uitkyk. Toe die Britte uitvind van hierdie maneuver gelas generaal Howe 'n amfibiese aanval vir die volgende dag. Daar het egter gedurende die nag 'n "suidooster van stormsterkte" oor die Bostonse hawe gewoed en "die wind en golwe het Howe se planne ontwrig. Hy het die aanval afgelas en die swak weer die skuld daarvoor gegee" (*The Weather Factor*, Ludlum, bl. 34). Kort daarna het die Britte Boston ontruim. Vyf maande later, gaan 15,000 troepe van generaal Howe op Long Eiland aan wal, keer Washington se leër vas en dien hulle 'n verpletterende nederlaag toe. Die Amerikaanse Rewolusie kon hier geëndig het was dit nie vir die "geweldige reën" wat die volgende dag geval het wat *verhoed* het dat die Amerikaanse leër uitgewis is nie. Washington het daardie aand 'n onttrekking gelas, maar dit was onmoontlik weens ongunstige winde en die gety. Omstreeks elfuur die aand was daar egter 'n "toevallige verandering van die wind" en dit is verhoed dat die Britte die Amerikaanse terugtog kan waarneem of verhoed (*ibid.*, bl. 37). Washington en sy leër wat in vodde is, ontsnap danksy 'n deurslaggewende verandering in die weer! Hulle is gespaar om hulle land weer in die toekoms te dien.

Die tog oor die *Delaware-rivier* en die aanval op Trenton het plaasgevind in 'n hewige sneeustorm. Hulle masjeer egter onder die storm uit met die wind van agter (en reguit op die vyand af); die Amerikaanse troepe verras die buitelandse verdedigers en hulle behaal een van die eerste groot oorwinnings van die Rewolusie. As antwoord hierop maak Cornwallis, die Britse generaal, 'n moeilike opmars, oor modderige paaie, om Washington net suid van Trenton vas te keer met die doel om "die ou jakkals" die volgende oggend te vang. Daardie nag vind daar egter 'n "toevallige weerverandering" plaas (Ludlum, bl. 42). Die grond *vries* – wat die troepe se bewegings vergemaklik. Washington laat sy kampvure brandend agter en laat sy troepe óm die Britse leër beweeg. Teen dagbreek word Cornwallis wakker en al wat hy sien is smeulende kampvure van Washington se leë kamp. Teen die tyd dat die Britse leër gereed is om aan te beweeg, het die grond *ontdooi* wat die troepe se bewegings bemoeilik het. Washington kon nou veg en die slag van Princeton agter die Britse linies wen omdat die aarde op presies die *regte tyd gevries* het!

Die weer het ook 'n tydige rol gespeel in die finale veldslag van die Amerikaanse Rewolusie. Gedurende die beleg van Yorktown was die weer goed, behalwe gedurende twee belangrike periodes. Gedurende die nag toe Washington loopgrawe begin grawe, skryf 'n soldaat: "Ons is begunstig deur die Voorsienigheid met 'n nag van *uiterste donkerte*" en *sagte reën* wat die geluid van die grawery gedemp het. Teen die einde van die beleg probeer Cornwallis gedurende die nag 'n ontsnappingspoging deur sy beste troepe met 'n pont oor die Yorkrivier te stuur. Halfpad deur die operasie, verander "die weer ... in 'n hewige storm van wind en reën" en dryf die vragbote rivier af wat Cornwallis se troepe verdeeld en verstrooi laat. "Die ongunstige ommeswaai in die weer het die beoogde ontsnappingspoging heeltemal in die wiele gery" en Cornwallis gee die volgende dag oor (Ludlum, bl. 62-64). Die Veldslag van Yorktown was een van die mees invloedryke veldslae in die geskiedenis, omdat dit direk tot die onafhanklikheid van die Verenigde State gelei en ook so die profesieë vervul het dat Manasse (Amerika) 'n magtige volk sou word (Genesis 48:17-19). God het Sy doel bereik met nog 'n "toevallige" verandering in die weer.

**Verlossing en oorwinning**

Sommige van die mees dramatiese voorbeelde van bonatuurlike ingryping het plaasgevind gedurende die Tweede Wêreldoorlog – 'n oorlog wat Winston Churchill gevoel het die toekoms van die "Christelike samelewing" bedreig. Gedurende 'n kort tydperk van slegs twee weke in 1940 het die Duitsers 'n blitsaanval geloods wat deur die

Franse linies gebreek het, die Belge verslaan en 'n steierende Britse leër teen die oseaan by Dunkirk vasgepen het. Talle Britse generaals het gesê dat "net 'n wonderwerk" hul beleërde magte kon red. Tog, met 'n definitiewe oorwinning in sig kom die Duitse tenks slegs 32 km van Dunkirk af op bevel van Hitler, *skielik tot stilstand*, omdat hy vrees dat hulle gevaarlik blootgestel en te ver van die voorraadlinies is. Gedurende hierdie verposing verhoed 'n *kwaai donderstorm* die Duitse vliegtuie om op te styg en word die Geallieërde magte in staat gestel om Dunkirk te nader en verdedigingslinies op te stel. Na 'n dag van nasionale gebed, gelei deur koning George VI vir die hopeloos vasgekeerde leër, begin die Britte met 'n ontruimingspoging wat nege dae duur waartydens die onvoorspelbare Engelse kanaal wat normaalweg rof is, kalm en so *glad soos 'n spieël* word. Tog, die dag na die ontruiming "verander die wind noord en breek *reuse golwe* op die leë strande" (*The Miracle of Dunkirk*, Lord, bl. 272). 'n Inskrywing van 'n Britse generaal lui dat "die ontruiming van Dunkirk sekerlik *'n wonderwerk* was" en Churchill noem die ontruiming van meer as 330,000 soldate (amper die hele Britse leër) "'n wonderwerk van bevrydig". *Die Daily Telegraph* beskryf die dankbaarheid van "offisiere en manskappe wat die *hand van God daarin gesien het* ... hulle bevryding uit die hand van 'n magtige vyand" (Junie 8, 1940). Die Britse volk het *geweet* dat God *onmiskenbaar tussenbeide getree* het!

Die "hand van God" is steeds waarneembaar tydens die Geallieërde magte se teenoffensief om Noord-Afrika en Europa te bevry. In laat Oktober 1942 seil 'n armada van 650 skepe van Engeland na Noord-Afrika vir bykans twee weke sonder om deur U-Bote of die Duitse lugmag opgemerk te word. 'n Britse admiraal sê dat dit "amper ongelooflik is ... dat hulle nie aangeval is en dat daar geen ongevalle was nie". Die dag voor die beplande landing te Casablanca breek 5 meter hoë golwe oor die strande wat 'n landing onmoontlik gemaak het. Die volgende oggend egter, nader die invalsmagte die strand "in mooi weer ... en 'n kalm see" (*We have a Guardian*, Grant bl. 34). Die landing was suksesvol as gevolg van die *skielike gunstige weer*. 'n Londense nuusblad berig: "Net 'n onnadenkende persoon kan twyfel oor die groot rol wat die Voorsienigheid gespeel het in die spoedige en suksesvolle transformasie van die oorlog" (*Daily Mail*, Nov. 14, 1942).

Die weer het ook 'n beslissende rol gespeel toe Sisilië ingeval is. Op 10 Julie 1943, terwyl Generaal Dwight D. Eisenhower toekyk hoe die skepe vertrek, salueer hy die armada, laat sak sy kop in gebed en verklaar dat die sending nou "in die hande van God is". Tog, kort ná die vertrek van die skepe, bereik die wind *stormsterkte* en moes die invalsvloot deur 'n onstuimige see swoeg. Maar, die onstuimige weer het die Sisiliane gerusgestel en veroorsaak dat hulle hul waaksaamheid verslap. Een van die admiraals het gesê dat *"die wind* na die landing gaan *lê* het op presies die regte oomblik ... en die deining vinniger gesak het as wat hy nog ooit voorheen gesien het. Dit was so *skielik*, dit was amper *ongelooflik* ... dit was wonderbaarlik ... baie stil dankgebede is gedoen" (Grant, bl. 39).

Byna dieselfde verskynsel het plaasgevind op D-dag – 6 Junie 1944 – gedurende die inval van Normandië. Eisenhower het die inval in gure weer van stapel gestuur en gehoop dat die weer sou opklaar. Dan, op die oggend van 6 Junie, klaar die weer *wel* vir 'n kort rukkie op. Die wind gaan lê, die see word kalm en die weer trek oop wat die Geallieërde vliegtuie toelaat om met presisie op te tree. Die landing betrap die Duitsers totaal onkant. Bykans 'n dekade later praat Eisenhower uit sy tuisdorp, Kansas, en sê: "Hierdie dag agt jaar gelede, het ek die pynlikste besluit van my lewe geneem ... die gevolge van daardie besluit ... kon nie voorsien gewees het deur enigiemand nie. *As daar niks anders in my lewe was om die bestaan van 'n Almagtige en Genadige God te bewys nie, het die gebeure van die volgende vier-en-twintig uur dit gedoen* ... Die grootste verandering in die verskriklike weersomstandighede het die volgende dag

plaasgevind en het dit moontlik gemaak dat die inval voortgaan, met verliese ver benede verwagting" (*Time*, 6 Junie, 1952). Generaal Eisenhower het *geweet* dat God tussenbeide getree het ten tye van een van die belangrikste oomblikke in die geskiedenis van die wêreld!

Dit behoort nou duidelik te wees dat daar *oorweldigende getuienis* is dat God bestaan en dat Hy *dramaties tussenbeide tree* in die doen en late van die mensdom om Sy doel te vervul (sien Daniël 2:28; 4:25). Tog word hierdie merkwaardige getuienis oor die hoof gesien en geïgnoreer deur geleerdes en teoloë van *dieselfde lande wat die meeste daarby gebaat het* deur die ingryping van God! In plaas dat hierdie oortuigende gebeure ingeskerp word, *ignoreer* hedendaagse leiers God se hand in die geskiedenis. Hulle ignoreer God en Sy Wet en *verskoon* eerder egbreuk, *aanvaar* egskeiding en paartjies wat saamwoon, *bevorder* homoseksualiteit en *leef saam met* leuens, geweld, gierigheid en pornografie! As gevolg daarvan, *verloor* ons sekulêre, materialistiese, plesierlustige kultuur die God van die Bybel *vinnig uit die oog* en ontken dat God vereis dat Sy Wette gehoorsaam moet word – veral deur die nasies wat Hy so herhaaldelik begunstig het (sien Deuteronomium 28).

God is egter nie klaar met tussenbeide tree in die geskiedenis nie. God se waarskuwings oor die afvallige Israelitiese volke is in die Bybel opgeteken. Hy sê vir hulle: "Ek sal julle trotse mag verbreek" tensy julle julle bekeer van julle sondige weë (Levitikus 26:19). Ons sien dit vandag gebeur! Bybel profesieë dui ook aan dat vreeslike weerverwante rampe voor die deur lê (sien Mattheus 24:7; Openbaring 6, 8, 9, 16), tensy ons verrotte samelewing gewillig is om te bekeer van die verontagsaming van God se Wette. Ons moderne wêreld is op die punt om te leer dat die God van die Bybel 'n *werklikheid* is, dat die Bybel *waar* is en dat die dag van God se *grootste ingryping* in die doen en late van die mensdom net om die draai is.

WvM


# Wie beheer die weer?

*Is "natuurrampe" die onpersoonlike werking van "Moeder Natuur", of is dit 'n LEWENSBELANGRIKE boodskap van God?*

*Sodanige natuurrampe word soms 'n natuurkrag genoem, so bestier deur God. Maar wat is Sy EINTLIKE rol in die droogtes, hongersnode, vloede en aardbewings wat ons wêreld tref?*

*Wat sê die Bybel oor sulke natuurrampe in die eindtyd? Hoe kan Christene hulle hierop voorberei?*

**Skryf in of skakel ons gerus vandag nog om u eie gratis kopie van hierdie insiggewende boekie te ontvang!**

# Openbaring: Agtergrond tot 'n Geheimenis

## Deur John H. Ogwyn

Die boek Openbaring is vir die meeste mense die geheimsinnigste boek in die Bybel. Terwyl baie idees en uitleggings voorgehou is as verduidelikings van Openbaring, verstaan min lesers werklik die agtergrond waarteen hierdie belangrike boek geskryf is. Sodanige begrip is deurslaggewend indien ons wil begryp watter rol God beoog het hierdie laaste boek van die Bybel in die lewe van Sy Kerk moes speel.

Toe die eerste eeu na Christus tot 'n einde gekom het, was dit 'n ontstellende en moedelose tyd vir God se mense. Jare tevore, na die kruisiging, opstanding en Hemelvaart van Jesus Christus het die Kerk van God op 'n baie dramatiese wyse op Pinksterdag van 31 n.C. tot stand gekom. Drieduisend mense is op daardie dag gedoop en in die daaropvolgende maande het die getal dissipels grootliks vermeerder. God se bonatuurlike ingryping was gereeld sigbaar.

Na ongeveer twee jaar het vervolging in die Jerusalem omgewing begin. Baie van die dissipels het uit die gebied gevlug, maar die vroeë Christelike beweging het steeds in omvang en krag toegeneem. Die geskiedenis van die Christelike Kerk oor die eerste 25 jaar is 'n verhaal van groei en opwinding. Daar was wel vervolging, maar dit was meestal plaaslik en sporadies in omvang en duurte. Nuwe gemeentes is regdeur Klein-Asië, Griekeland en selfs in Rome gestig. Daarby het verskeie van die oorspronklike twaalf Apostels die evangelie aan oorblyfsels van die Huis van Israel verkondig. Hulle het gereis na die Parthiese Ryk oorkant die Eufraat, asook na die Britse Eilande. Verder het die Kerk van so aard in die Jerusalem omgewing uitgebrei, dat Jakobus tydens Paulus se besoek daar in die laat lente van 56 n.C. sy aandag daarop gevestig dat duisende Jode in die omgewing die Christelike boodskap glo (Handelinge 21:18-20).

Daarna het dinge begin verander. Gedurende daardie Pinkstertyd van 56 n.C. word Paulus gearresteer en bring hy die grootste deel van die volgende vyf jaar in die tronk deur – waarvan die laaste twee in Rome. Vandat Paulus nie meer vry was om deur die Griekssprekende wêreld te reis nie, het ernstige probleme na vore gekom in baie van die Griekse kerke. Paulus het dit self voorspel in sy rede aan die Efesiese ouderlinge terwyl hy onderweg was Jerusalem toe in die lente van 56 n.C. (Handelinge 20:29-30).

Leraars wat dwaalleer verkondig het, wou die Christelike Kerk omverwerp en beheer daaroor verkry om hul eie doelstellings te heilig. Deur hul eie 'verdraaiing' van die Christelike boodskap in te bring, aangevuur deur 'n begeerte vir rykdom en mag, het hulle na 'n persoonlike gevolg gestreef. Dit is waarom beide Judas en Petrus sodanige leraars met Bileam van ouds vergelyk het.

Hierdie situasie was so omvangryk teen die tyd van Paulus se vrylating uit Romeinse gevangenskap, dat Jakobus se broer, Judas, Christene vermaan "om kragtig te stry vir die geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is" (Judas 3). Dit was nodig omdat sommige mense doelbewus die bedoeling van "genade" verdraai het om voor te gee dat gehoorsaamheid aan God se wette nie meer nodig was nie. Waar daar net 'n paar jaar tevore eenheid in leerstelling en evangelistiese ywer was, was daar nou toenemend stryd, verwarring en ontmoediging.

Die toestand het voortdurend versleg. In en om Judéa was daar revolusie in die lug. Joodse Selote voer 'n aksie vir die omverwerping van Romeinse oorheersing en die instelling van 'n onafhanklike Joodse staat. Joodse Christene was aan toenemende druk onderwerp om hulle te vereenselwig met hierdie "patriotiese" beweging. Binne maande na Paulus se

vrylating is Jakobus (Jesus se broer wat leier van die Jerusalem Kerk was) in Jerusalem deur Herodus om die lewe gebring (Handelinge 12:1-2). Oor die volgende vyf jaar, aan die einde van keiser Nero se heerskappy, het die vervolging van Christene deur die Romeine toegeneem. Honderde Christene is gedood, hoofsaaklik in Rome maar ook in party van die provinsies. Met sy toenemende ongewildheid na die groot vuur wat 'n groot deel van Rome vernietig het, probeer Nero om die aandag van homself weg te lei deur die blaam vir die Ryk se probleme op hierdie nuwe "sekte" te plaas. Voor die einde van sy heerskappy – toe Nero self uit Rome moes vlug gedurende die lente van 68 n.C. – het die Romeinse Ryk eers vir Paulus en daarna vir Petrus tereggestel.

Kort na die Pinkster van 69 n.C. het die Jerusalem Kerk voor die aankomende Romeinse leër gevlug. Teen 70 n.C. was beide die Tempel en Jerusalem self in puin, totaal vernietig deur generaal Titus en sy troepe. Feitlik die hele oorspronklike leierskap van die Kerk was teen hierdie tyd dood. Trouens, Johannes was die enigste oorspronklike Apostel wat nog geleef het. Na 70 n.C. het hy Efese, wat in Klein-Asië (moderne Turkye) naby die kus van die Middellandse see geleë was, sy hoofbasis vir bedrywighede gemaak.

In die dekades wat volg het die lidmate 'n toenemende gewoel en leerstellingstryd binne die Kerk gesien. In die vroeë 90's n.C. slaag die ondermynende element daarin om beheer oor te neem van hele gemeentes. Hulle het baie ware Christene wat getrou aan Johannes en die oorspronklike leringe van die Apostels gebly het, uit die kerk gesit (3 Johannes 9-10). Hoe verwarrend moes dit nie gewees het vir diegene wat gewag het op die wederkoms van Jesus Christus en die daarstelling van Sy Koninkryk nie! Jerusalem was omring deur leërs en is toe vernietig, net soos Jesus kort voor Sy kruisiging voorspel het (Lukas 21:6, 20-22). Heelwat meer as 20 jaar het egter verbygegaan en Christus was nog nie terug nie. Om sake te vererger het die Romeinse regering onder keiser Domitianus die vervolging van Christene verskerp. Hy het probeer om eenvormigheid met die staatkultus van keiser-aanbidding af te dwing, veral in die gebied van Klein-Asië waar baie ware Christene geleef het.

Daarna, in 96 n.C. is die bejaarde Johannes deur die Romeinse regering gearresteer en verban na die eiland van Patmos, langs die kus van Klein-Asië. Patmos was 'n plek waarheen politieke gevangenes verban is waarvan min ooit teruggekeer het. Vir iemand met Johannes se gevorderde ouderdom moes die verbanning na 'n tronkeiland na 'n gewisse doodstraf gelyk het. Dit is hier waar Johannes die visioene gegee is wat die laaste boek van die Bybel uitmaak.

**Petrus dui Johannes se toekomstige rol aan**

Petrus het sowat dertig jaar tevore, in die laaste maande van sy lewe, sy laaste brief aan die Kerk geskryf. Onder God se inspirasie poog hy om die lidmate op die toekoms voor te berei. Hy doen dit op twee maniere. Eerstens plaas hy 'n permanente gesaghebbende leerstelling vir die Kerk op rekord. Dit was die eerste geloofsreël van die Nuwe Testament. Ons sien hoe daarna verwys word in 2 Petrus 1:15: "Daarom sal ek my daarvoor beywer dat julle ook ná my heengaan altyd hierdie dinge sal onthou" (NV). Hy het dit gedoen deur 'n gesaghebbende geskrewe verslag na te laat.

Tweedens het hy die lidmate na Johannes verwys. Daar is gesê dat Johannes, tesame met Petrus en Jakobus, die broer van Johannes, "die profetiese woord wat baie vas is" (2 Petrus 1:16-19) besit, omdat hy saam met Jesus op die Berg van Verheerliking was ("aanskouers van sy majesteit" vers 16) en die stem uit die wolk gehoor het (verg. Mattheus 17:1-9). Teen die tyd dat Petrus hierdie gedeelte geskryf het, het Jakobus reeds jare tevore 'n marteldood gesterf (Handelinge 12:1-2), dus kon Petrus se "ons" slegs na homself en Johannes verwys het.

Dit was God se doel om Johannes te gebruik om die Nuwe Testament te voltooi en Petrus getuig hiervan in sy laaste brief. Johannes het aan hierdie opdrag voldoen deur 'n vierde evangelie en drie briewe te skryf – almal waarskynlik voltooi voor sy verbanning na Patmos – en dan laastens die boek Openbaring. Johannes

was verantwoordelik daarvoor om die Nuwe Testament in sy finale vorm saam te stel.

In sy evangelie het Johannes hoofsaaklik die klem gelê op Jesus se leringe in verband met die feestye gedurende Sy bediening. Johannes het nie begin met die menslike geboorte van die Jesuskind nie – of selfs met die begin van Sy aardse bediening nie – maar het eerder klem gelê op Sy voortbestaan saam met die Vader "in die begin". Die wêreld waarin Johannes geskryf het was baie anders as dié waarin die eerste drie evangelieskrywers hul werk voor 70 n.C. voltooi het. Johannes skryf teen 'n agtergrond van dwaalleringe wat reeds bestaan het teen die einde van die eerste eeu. Net so handel sy drie briewe oor sake waarmee die Kerk daardie tyd te doen gehad het. Hy was byvoorbeeld genoodsaak om klem te lê op die belangrikheid van gehoorsaamheid aan die wet en dat sodanige gehoorsaamheid nie geskei kon word van die *ware* liefde van God nie.

**Die laaste boodskap**

Op sy oudag, as banneling op Patmos, beskryf Johannes in Openbaring 1:9-20 die mees merkwaardige ondervinding van sy lang lewe. In 'n visioen sien hy homself verplaas tot in die toekoms, die tyd van God se naderende ingryping en oordeel, wat in talle Ou-Testamentiese Skrifte genoem word "die Dag van die Here". Johannes het 'n groot stem agter hom gehoor, en toe hy omdraai sien hy sewe goue kandelare. Tussen die kandelare sien Johannes Een staan wie se aangesig was soos die son wat skyn in sy volle krag. Totaal oorweldig deur wat hy sien, val hy soos 'n dooie neer. Die Een wat hy daar sien staan het was dieselfde Een met wie hy as 'n jong man gewandel en gepraat het; die Een langs wie hy gesit en teen wie se skouer hy geleun het gedurende hul laaste Pasgamaal saam. Johannes het Hom laas gesien toe hy meer as 65 jaar vantevore saam met ander dissipels op die Olyfberg gestaan en Hom in die wolke sien verdwyn het. Terwyl Johannes daar lê het daardie Een Sy regterhand op hom gelê en vir hom gesê: "Moenie vrees nie; Ek is die eerste en die laaste en die lewende; en Ek was dood en kyk, Ek leef tot in alle ewigheid". Johannes is toe aangesê om neer te skryf wat Jesus Christus se laaste boodskap sou wees aan die Kerk wat Hy gebou het.

Jare tevore, toe Jesus die aarde bewandel het as 'n menslike wese, het Hy die goeie nuus verkondig van die komende Koninkryk. Hy het twaalf jong manne spesiaal opgelei en onderrig. Hulle was getuies van alles wat Hy gesê en gedoen het en Hy het hulle uitgestuur om ander te leer. Toe, meer as ses dekades nadat Hy opgevaar het terug na die Vader, verskyn Jesus Christus aan Sy enigste dissipel wat nog geleef het en gee aan hom Sy laaste boodskap om neer te skryf en om aan die Kerk oorgedra te word.

Te midde van woelinge en 'n wêreld wat nie vir hulle sin gemaak het nie, moes God se mense weet dat Hy alles onder beheer het. Hy het 'n plan en 'n doel wat uitgevoer sal word. Duisende van God se mense het reeds in die geloof gesterf in die dekades sedert die Pinkster van 31 n.C. Die Kerk het nie nodig om bekommerd te wees nie aangesien die Een wat aan Johannes verskyn het die sleutels het om beide die dood en die graf te ontsluit (Openbaring 1:18). In Sy boodskap aan Johannes het Jesus die toekoms onthul en aan God se dienaars die dinge gewys wat gaan plaasvind.

Wanneer die druk van die wêreld klaarblyklik oorweldigend is, is dit maklik om die onsigbare God buite rekening te laat en eerder te fokus op dit wat ons kan sien. Onthou: God het nie gewerk volgens die tydrooster wat die Kerk van die eerste eeu verwag het nie, nog minder werk Hy volgens die tydrooster wat baie van vandag se Christene jare gelede "vir Hom daargestel het"! Gebeure het langer geduur en erger geword as wat meeste lede van die vroeë Kerk hulle kon indink. Wat hulle deur hul fisiese sintuie kon waarneem was 'n wêreld waarin die mag van die Romeinse Ryk 'n hoogtepunt bereik het. Daarbenewens sien hulle 'n Kerk in verwarring en wat deur dwaalleringe verskeur is, slegs dekades nadat Jesus Christus opgevaar het hemel toe en die versekering gegee het dat Hy sou terugkeer. Wat het dit alles beteken en waarop het dit afgestuur?

Dit was in hierdie verband, soos Johannes begin om die boek Openbaring neer te skryf, waarin die Almagtige begin het

om "oop" te maak wat voorheen "toe" was. Die boek Daniël (die laaste profetiese boek van die Ou Testament in die geïnspireerde volgorde soos deur die Jode bewaar) sluit af met die stelling dat die volle betekenis daarvan verseël is tot "die tyd van die einde". Daniël het vergeefs probeer om deur die sluier wat die toekoms onduidelik maak te kyk in 'n poging om die volle implikasie van die boodskap wat hy ontvang het, te verstaan. Hy kon nie daarin slaag nie omdat dit nie die regte tyd was vir die boodskap om openbaar gemaak te word nie (Daniël 12:8-9).

Teen die einde van die eerste eeu het die tyd uiteindelik aangebreek om die toekoms te onthul. U sien, die boek Openbaring handel oor *onthulling*. Die Afrikaanse woord "openbaring" is 'n vertaling van die Grieks *apocalypsis*, wat ook in Afrikaans aangegee word as "apokalips". Dit beteken letterlik 'n "onthulling" of 'n "ontsluiering". Terwyl die toekoms verborge en geheimsinnig is vir die mens, is dit helder vir God. Die mens probeer vergeefs om deur die mistigheid van die tyd te kyk om agter te kom wat die toekoms mag oplewer. Terwyl die mens slegs kan raai, is die groot God wat vir ewig bestaan in staat om te verklaar hoe die einde gaan wees – reg van die heel begin af.

Jesus Christus word aangedui as die enigste Een wat waardig is om die besonderhede van God se groot plan vir die toekoms te onthul, aangesien Hy alleen waardig is om die seëls te breek en die boek oop te maak wat God se openbaring bevat (Openbaring 5:4-5). Christus het in 'n visioen aan Johannes verskyn en hom aangesê om drie "strekkings" van openbaring neer te skryf wat saam die boek wat sou volg uitmaak. Hierdie drie strekkings is "die woord van God", "die getuienis van Jesus" asook die dinge wat Johannes "gesien" het. Vir die heel eerste keer word die profesieë (die woord van God) van die Ou Testament saamgeweef met Jesus se stellings in die Nuwe Testament (die getuienis van Jesus). Verse van die Ou Testament word meer as 'n 100 keer in Openbaring óf direk aangehaal óf omskryf. Openbaring bevat ook direkte stellings deur Jesus Christus en daar word ook verwys na stellings wat Hy gemaak het gedurende Sy aardse bediening. Daar word ook verwys na stellings wat Christus in die Nuwe Testament geïnspireer het wat deur Paulus of andere in verskeie van die sendbriewe neergeskryf is.

Hierdie verwysings na die Ou- en Nuwe Testament word saamgeweef met visioene van toekomsgebeure. Die boek Openbaring is bedoel om die res van die Bybel in perspektief te stel en om die raamwerk te toon waarin al die profesieë van die Skrif tot vervulling sal kom.

Die verhaal van God se Kerk deur die eeue is vooraf neergeskryf in die profetiese boodskap aan die sewe kerke. Dit was belangrik dat Christene daaraan herinner word dat welke probleme hulle ook al teëkom, dit geen verrassing vir God is nie maar vooraf voorsien is– en "deel van die verhaal" is.

Johannes het verder opgeteken dat die Romeinse Ryk (wat aan die toppunt van sy mag was tydens sy skrywe), 'n dodelike wond gaan ontvang, maar hierdie wond sal genees en die Ryk sal nog vir eeue (1,260 profetiese "dae") verder voortbestaan. Terwyl hy 'n toekomstige martelaarskap van heiliges aanteken, wys hy ook dat die Almagtige uiteindelik Sy oordeel sal uitgiet oor diegene wat Sy mense vervolg het. In Openbaring beskryf Johannes ook die heerlike eindbestemming van diegene wat voortgaan om God in die geloof te dien, ten spyte van teenspoed. Hy beskryf ook die vernietiging van dié wat verstok is en God se aanbod van verlossing verwerp. Johannes sluit hierdie laaste boek van die Nuwe Testament af met 'n blik op die nuwe aarde – die uiteindelike woonplek van God en Sy familie.

Openbaring is 'n doeltreffende kontrapunt vir Genesis, deurdat dit die antwoorde verskaf op die probleme wat Genesis beskryf. Genesis begin met die skepping van die oorspronklike hemele en aarde; Openbaring sluit af met 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde. In Genesis sien ons hoe die slang ons eerste ouers mislei; in Openbaring word die slang finaal vir altyd uit die weg geruim. In Genesis word pyn, hartseer en die dood voorgestel as die gevolg van die mens se sonde; Openbaring beskryf hulle verbanning uit die nuwe hemele en die nuwe aarde as gevolg van Christus se verlossing. Genesis beskryf die mensdom as afgesny van die boom van lewe en uitgedryf uit God se

teenwoordigheid; Openbaring wys dat God uiteindelik saam met die vrygekooptes sal woon, wat onbelemmerde toegang tot die boom van lewe sal hê. Genesis beskryf die oorsprong van dit wat ons om ons sien; Openbaring wys hul uiteindelike oplossing.

Hierdie laaste boek in u Nuwe Testament is 'n onthulling van die toekoms – ***u*** toekoms! Dit is 'n boek wat geskryf is as Christus se laaste boodskap aan die Kerk, om te wys dat ongeag hoe sonder vooruitsig dinge mag voorkom, daar geen nodigheid is om angsbevange en wanhopig te wees nie. God het 'n plan en doel en die uitvoering van daardie plan – volgens God se tydrooster – is absoluut seker. WvM

## Wat sien u? (Vervolg vanaf bladsy 26)

waarskuwing wat God aan hom openbaar het, oor te dra. Hy het aan sy mense verduidelik dat die enigste manier om God se naderende gramskap vry te spring, was om hul weë te wysig en hul Skepper te begin gehoorsaam (vers 13).

Jeremia het 'n dreigende oordeel oor sy volk gesien terwyl ander om hom ontken het dat oordeel op pad was. Hy het egter ook *verby* die oordeel na die goeie nuus van vergifnis en herstel gekyk. In Jeremia 31:31 beskryf hy 'n tyd ná die verskriklike tyd van Jakob se benoudheid. "Kyk, daar kom dae, spreek die HERE, dat Ek met die huis van Israel en die huis van Juda 'n *nuwe verbond* sal sluit". Selfs terwyl die wêreld om hom gevaarliker geword en die mense al hoe minder ontvanklik geraak het, het Jeremia met geloof die toekomsgeleentheid gesien wat sy volk sou hê – om weereens 'n verhouding met God te hê en Sy seëninge te ontvang.

Let ook op die voorbeeld wat Esegiël gestel het as 'n jong priester wat in Babiloniese ballingskap gegaan het ten tye van koning Jójagin se wegvoering. Esegiël se profetiese boodskap was eintlik oorwegend vir die huis van Israel bedoel wat meer as 'n eeu voor sy skrywe deur die Assiriërs in ballingskap weggevoer is. Ten spyte daarvan het Esegiël sy boodskap opgeteken en het dit vir ons behoue gebly. Ons kan *weet* wat die toekoms inhou vir die eindtydse afstammelinge van Israel, mits ons bereid is om te ondersoek en te glo wat Esegiël gesien het.

Esegiël het Jerusalem se toekoms gesien en beskryf hoe hy in 'n visioen weggevoer is na die Tempel (sien Esegiël 8-11), waar hy gesien het hoe die God van Israel se glorie dit verlaat. Hy het God se glorie – wat die Huis gevul het toe dit aan God opgedra was in die dae van koning Salomo – sien opstyg van die drumpel van die Tempel af en verskuif na die Olyfberg Oos van Jerusalem (Esegiël 10:18-19; 11:22-23). Dit het die weg gebaan vir Nebukadnésar se vernietiging van die stad en die Tempel. Esegiël het egter meer as net die verwydering, vernietiging en toorn gesien! Esegiël 43 was 'n blik op die verre toekoms wanneer die God van Israel sou terugkeer en 'n herboude Tempel sou binnegaan vanuit die ooste (die rigting van die Olyfberg). Die glorie van God sou hierdie toekomstige Huis vul en dit sou die setel van Sy troon wees wanneer Hy vir ewig tussen die kinders van Israel sou wandel (verse 3-7). Ten tye van vernietiging, ballingskap en wanhoop het Esegiël hernuwing en hoop gesien.

Hierdie profete, soos baie ander, het verby hul hede gekyk en opgeteken wat hulle gesien het. Hulle het oordeel gesien en verkondig terwyl ander "vredesliedere" gesing en politieke bondgenootskappe gevorm het om hulself te beskerm. Hierdie profete het verby die oordeel gekyk en die goeie nuus van God se versoening met Sy volk gesien. Sien *u* wat die profete gesien het? Het *u* die geloof om verby die gebeure van hierdie wêreld te kyk, om die naderende oordeel en die *werklike goeie nuus* te sien wat op ons wag na afloop van daardie oordeel?

### Hernude hoop

Jesus Christus was 'n baie gewilde gas vir ete. Selfs baie van Sy kritici was gefassineer deur hierdie leraar uit Galiléa en het geleenthede gesoek om Hom te sien en na Hom te luister. Lukas 7:36-50 beskryf een só 'n

Vervolg op bladsy 24

# Hoe is God werklik?

## Deur John H. Ogwyn

Hoe is God *werklik*? Selfs om so 'n vraag te vra mag vir baie mense as verwaand voorkom. Hoe kan ons enigsins *seker wees* van sulke antwoorde, vra hulle. Is God deur Sy einste karakter vir die mensdom onkenbaar en onpeilbaar? Baie mense wat wel in God glo beskou Hom as 'n afgesonderde figuur of as effens meer as die "eerste oorsaak" van die heelal. Vir baie mense is God nie iemand wat aktief betrokke is in ons lewens of in ons hedendaagse wêreld nie.

Elke menslike kultuur het idees gehad oor die bonatuurlike. Jode en Moslems beklemtoon dat God een is. Boeddhiste en Hindoes het oortuigings wat strek van onpersoonlike monisme tot panteïstiese veelgodery met baie variasies tussenin. Baie in die Westerse wêreld het óf vae idees oor God as "die Man daarbo" óf hulle het andersins die "Nuwe Era" oortuigings aangeneem (waarvan die meeste hul oorsprong het in Hindoeïsme en Boeddhisme). Sommige mense kleef aan tradisionele Katolieke en Protestante leerstellings omtrent 'n *drie-enige* God – tradisioneel verduidelik as "een God in drie persone". Dit is tog duidelik dat al hierdie verskillende idees en opinies nie **almal** reg kan wees nie.

Wat dink *u* hoe is God? Wat is die *bron* van ***u*** *sienings*? Kom dit van God af of deur menslike redenasie? Stop en dink na: sou dit sin maak vir 'n allerwyse Skepper, wat menslike lewe geskep het wat in staat is om te dink aan die ewige en die goddelike, om nie 'n register te los waardeur Hy Homself openbaar nie?

Deur na die fisiese wêreld te kyk kan ons baie aflei van God se groot krag en vernuf. Sulke gevolgtrekkings vertel ons egter steeds *niks* van *Sy uiteindelike plan en doel* vir Sy skepping nie, maar ons Skepper het ons nie in die duister gelaat nie. Bo en behalwe die feit dat Hy Homself deur Sy skepping openbaar, het Hy ook vir ons die Bybel gegee. In Sy Woord vertel God ons van Sy aard, Sy karakter, Sy wil, Sy geaardheid en Sy plan en doel vir die wêreld en die mensdom. God is kenbaar omdat Hy verkies het om Homself kenbaar te maak! Toe die filosowe van Athene die apostel Paulus uitgenooi het om die gehoor toe te spreek op Aerópagus, het hy die "Onbekende God" as onderwerp gekies (Handelinge 17:23). Paulus het aan sy luisteraars verduidelik dat die God wat hulle as onbekend bestempel het, in der waarheid die oppermagtig Skepper was en gaan toe voort deur hulle van God se groot plan te vertel.

Dit is waarom dit so belangrik is om te verstaan **–** uit die Bybel **–** wat God oor Homself openbaar. Deur dit te doen, sal ons insig in God se plan vir die mens bekom. Die volle waarheid sal u verstom en is ***duidelik bewysbaar*** uit u eie Bybel.

### 'n Blik na God se eienskappe en aard

Die Bybel onthul baie oor God. Paulus verduidelik dat God ewig, onsterflik en onsigbaar is (1 Timotheus 1:17). Psalm 147:4-5 beklemtoon Sy groot krag en Sy oneindige insig. God kan alle dinge doen en geen voorneme kan van Hom terug gehou word nie (Job 42:2). Hy ken selfs elke *gedagte* van die mens (Psalm 94:11; 1 Korintiërs 3:20). Die apostel Johannes beskryf dat God in prag, lig en heerlikheid wandel, omring deur 'n skare van hemelse wesens en miljoene engele (Openbaring 4:1-6; 5:11).

God is nie afgesonder en onbelangstellend nie en ook nie 'n "wagtenende regter" wat Homself verheug daarin om mense na 'n ewigbrandende hel te stuur nie. Liefde is eerder die mees fundamentele kenmerk van Sy aard (1 Johannes 4:8). Die grootste wyse waarop Hy daardie liefde bewys het was deur Sy Seun Jesus Christus te offer om versoening van die sondige mensdom met Homself moontlik te maak (Johannes 3:16). Hy is ook 'n God van geregtigheid, genade (Psalm

103:8) en getrouheid (Psalm 119:89-90). Hy is aktief betrokke by Sy skepping en het die toekoms vooruit verkondig (Jesaja 46:9-11).

Die heel grootste wyse waardeur God gekies het om Homself te openbaar was deur Jesus Christus van Nasaret. Moenie 'n fout maak nie; Jesus was geen gewone man nie. Hy was nie bloot net 'n "goeie man" of selfs net 'n profeet nie. Hy was niks anders nie as *Immanuël* – God met ons!

Johannes 1:1-3 gee ons die mees fundamentele verduideliking van Jesus se identiteit. "In die begin" skryf Johannes, "was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. Hy was in die begin by God. Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie". Johannes verduidelik die "Woord het vlees geword en het onder ons gewoon – en ons het sy heerlikheid aanskou, 'n heerlikheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom – vol van genade en waarheid" (vers 14). Hoewel Christus ongelooflike krag en heerlikheid met die Vader gedeel het van alle ewigheid af, het Hy Homself vrywilliglik daarvan geledig om ons Saligmaker te word (Hebreërs 2:7).

Die *Newsweek* tydskrif het 'n klompie jare gelede 'n berig geplaas wat verskeie godsdienstiges se sienings van Jesus Christus ondersoek het. Die Rabbi waarmee 'n onderhoud gevoer is het Jesus as bloot 'n ander rabbi beskou – 'n goeie Jood. Moslems het daarop gewys dat die Koran Jesus as 'n profeet bestempel, hoewel nie so belangrik soos Mohammed nie. Baie Boeddhiste glo dat Jesus 'n "verligte een" was terwyl party Hindoes Hom beskou as 'n *inkarnasie* of ghoeroe.

Die *Newsweek* berig maak 'n baie belangrike opmerking: "Dit is duidelik dat die kruis die Christus van die Christendom van elke ander Jesus onderskei. In Judaïsme is daar geen vorige geval van 'n Messias wat sterf nie, wat nog te sê van iemand wat soos 'n misdadiger gesterf het soos Jesus. In Islam word die storie van Jesus se dood verwerp as 'n belediging van Allah self .... In ander gelowe is daar eenvoudig geen plek vir 'n Christus wat die volle las van sterflike bestaan ervaar het nie en gevolglik is daar geen rede om in hom te glo as die goddelike Seun wat die Vader uit die dode opgewek het nie ("*The Other Jesus*", 27 Maart 2000, bl. 60). In 2,000 jaar het min verander. Paulus noem die boodskap van Christus se kruisiging 'n "struikelblok" en "dwaasheid" vir die wêreld van sy tyd. Tog onthul God van Genesis tot Openbaring dat die mensdom as gevolg van sonde afgesny is van Hom en dat hulle verlossing en versoening nodig het.

**Die rol van die Heilige Gees**

In Johannes 14:16-20 beklemtoon Jesus dat ná Sy heengaan om met die Vader te wees, Hy sy dissipels ***nie*** bloot sou verlaat nie (die Griekse term wat in vers 18 gebruik word, is *orphanous*, wat beteken "weeskinders"). Jesus en die Vader sal eerder deur die krag van die Heilige Gees (1 Johannes 3:24) binne ware Christene woon (Johannes 14:20,23). Die Heilige Gees verleen beide insig en krag. Dit ***vloei vanuit God*** (Johannes 15:26) en verbind ons verstand aan Syne. God **is** Gees (Johannes 4:24); die Heilige Gees is nie een of ander aparte en onderskeide persoonlikheid van die Godheid nie. Die Heilige Gees is eerder die middel waardeur Christus en die Vader hul teenwoordigheid in die harte en gedagtes van gelowiges openbaar maak.

Die Heilige Gees is God se uitvloeiende krag (Lukas 1:35). Dit verleen God se liefde soos dit "uitgestort" word in die harte van gelowiges (Romeine 5:5). Dit is die middele waardeur Hy geskep het en die ganse heelal tot stand gebring het (Psalm 104:30). Dit is die krag waardeur Hy in die gedagtes van mensewesens werk wat volgens Sy beeld geskape is (Genesis 6:3). Dit is ook die krag waardeur die verlamdes wonderbaarlik kon loop, die blindes kon sien, die dowes kon hoor en die dooies opgewek is uit hul grafte tydens Jesus Christus se aardse bediening (Lukas 5:15-17).

Die Bybel beskryf die Heilige Gees op verskeie maniere. Die Gees word hoofsaaklik vergelyk met wind. Na alles beteken *pneuma* – die Griekse woord vir

"gees" – tog "wind" of "asem". In die Ou Testament is die Hebreeuse woord wat as "gees" vertaal word *ruach* en het dieselfde betekenis as die Griekse woord *pneuma.*

Nog 'n algemene vergelyking is dié van vloeiende water (sien Johannes 7:38-39). Net soos lug en water noodsaaklike lewegewende kragte is, is die Heilige Gees vir Christene die bron van ewige lewe (Romeine 8:11). Net soos lug en water albei vloei en krag het om dít waarmee hulle in aanraking kom te beïnvloed en te verander, is die Heilige Gees ook.

God bied Sy Heilige Gees met 'n doel aan ons! Daardeur kan ons God se krag, Sy gesindheid, Sy liefde en Sy gedagtes deel. God se Gees is bedoel om ons lewens te verander *deur ons gedagtes te hernu* (Titus 3:5; Romeine 12:2). Ons word 'n nuwe skepsel omdat God ons verander en Sy Wette in ons harte en gedagtes skryf (Hebreërs 8:10).

In die openingshoofstuk van 1 Johannes, beskryf die "geliefde Apostel" die belangrikheid van ons gemeenskap met God en met mekaar. Let op wat Johannes skryf – dat "ons gemeenskap ... met die Vader [is] en met sy Seun, Jesus Christus" (vers 3). Die Bybel praat nêrens daarvan dat ons gemeenskap met die Heilige Gees het op dieselfde wyse as wat ons met die Vader en met Christus het nie. Die Heilige Gees vloei eerder uit van die Vader en Christus (Johannes 15:26), en is die basis van ons verbinding tot God en tot mekaar. Dit is die *middele* waardeur Christus Sy lewe in ons leef (Galasiërs 2:20).

Het u geweet dat die woord "drie-eenheid" nêrens in die Bybel voorkom nie? Daar is egter 'n paar gedeeltes van die Skrif wat soms aangehaal word om vertroue in die Drie-eenheid lering in te boesem.

Let eerstens op 1 Johannes 5:7: "Want daar is drie wat getuig in die hemel: die Vader, die Woord en die Heilige Gees, en hierdie drie is een". Op die oog af blyk dit dat hierdie vers die Drie-eenheid nogal duidelik leer. Daar is egter een probleem: Hierdie vers was ***nooit in enige van die geïnspireerde Griekse manuskripte nie***. Byna alle Bybelkenners erken dat hierdie vers sy ontstaan te danke het aan 'n monnikagtige invoegsel in die Latynse teks! *"The Interpreter's One Volume Commentary on the Bible"* verduidelik dat toe twispunte gedurende die vierde eeu oor die leerstelling van die Drie-eenheid ontstaan het, die teks uitgebrei is – eerstens in Spanje rondom 380 n.C., en toe in die *Vulgaat* – die amptelike Rooms-Katolieke weergawe in Latyns – opgeneem is (bl. 939). Bullinger se *Companion Bible* verduidelik in die voetnota van die teks van 1 Johannes 5:7: "Hierdie woorde word nie in enige Griekse manuskripte **voor die sestiende eeu** aangetref nie. Die eerste keer dat dit wel aangetref word, is in die kantlyn van party Latynse kopieë. Sedertdien het dit in die teks ingekruip". Dit is duidelik dat die vroeë Trinitariese leermeesters van die Rooms-Katolieke Kerk so radeloos was om Bybelstawing vir hul leerstelling te vind dat hulle hulself daarna gewend het om woorde tot die teks **toe te voeg**!

Voorstanders van die Drie-eenheid blaai dikwels na Johannes 14 en 15 om hul idee te staaf dat die Heilige Gees 'n persoon net soos die Vader en Jesus Christus is. Op die aand van Sy laaste Pasga het Jesus aan Sy dissipels gesê dat Hy na die Vader sou terugkeer maar dat Hy vir hulle 'n ander Helper sou stuur. Die Griekse woord wat as "Helper" vertaal is, is *paracletos*, wat gewoonlik verwys na iemand wat hulp of bystand verleen. In die konteks van Johannes 14 verwys dit duidelik na die Heilige Gees, wat Jesus belowe het om aan Sy dissipels te stuur na Sy Hemelvaart terug na die Vader (Handelinge 1:4-5; sien ook Johannes 15:26).

Omdat hierdie verse die voornaamwoord "hy" gebruik, neem baie mense aan dat die Heilige Gees as 'n "persoon" van die Godheid beskou moet word. Dit is egter 'n misverstand wat voortspruit uit 'n vertaling van die oorspronklike Grieks. In Grieks het naamwoorde gewoonlik 'n vasgestelde "geslag", wat niks te doen het met fisiese geslag of persoonheid nie. Die Griekse naamwoord vir "klein dogtertjie" is byvoorbeeld geslagloos terwyl die woord vir "hand" vroulik is – hetsy dit deel van 'n vrou se liggaam is al dan nie. Grieks

vereis dat die voornaamwoord wat gebruik word – hy, sy of dit – altyd ooreenstem met die naamwoord waarna dit verwys (sien *The Language of the New Testament,* deur Eugene van Ness Goetchius, 1965 uitgawe, bll. 33-34). In Grieks is die naamwoord *pneuma* – as "gees" vertaal – geslagloos en neem altyd die geslaglose naamwoord soos "dit" aan, terwyl *paracletos* manlik is en 'n manlike naamwoord vereis. Die naamwoord wat gebruik word het hoegenaamd niks met die verskaffing van persoonheid te doen nie!

**Die oorsprong van die drie-eenheid leerstelling**

Trinitariërs wat te staan kom teen wêreldse humaniste en "Nuwe Era" gesindtes wat toenemend die Westerse kultuur oorheers, beskou hulself dikwels as "die verdedigers van die geloof". Hulle glo dat hulle die Bybel beskerm teen dié wat sy openbaring as die bron van kennis van God ondermyn. Maar *ís* hulle, *werklik*? Waar het hierdie sogenaamde "Christen ortodoksheid" aangaande God se aard ontstaan?

Toe hy drie dekades na die stigting van die Nuwe-Testamentiese Kerk skryf, maan Judas die lidmate om ***kragtig te stry*** vir die geloof wat ***eenmaal aan die heiliges oorgelewer is*** (Judas 3). Met ander woorde, die ware Christelike geloof was reeds *voor* Judas se skrywe ongeskonde oorgelewer. Judas – Jesus se halfbroer as 'n seun van Josef en Maria – verduidelik dat goddelose mense in die geheim in die Kerk ingesypel het en dat hulle reeds begin het om die ware leerstellings wat Jesus Christus aan Sy dissipels oorgelewer het, te verdraai.

Selfs Rooms-Katolieke geleerdes erken dat Tertullianus (ca. 150-225) die eerste skrywer was om die term "drie-eenheid" te gebruik in 'n poging om die Christelike Godheid te beskryf. Waarom dan, indien hierdie "drie-eenheid" leerstelling waar was, is dit nie "geopenbaar" tot **meer as 150 jaar na Jesus Christus se kruisiging en opstanding nie**? Waarom het Christus se oorspronklike dissipels asook Paulus, nie hierdie leerstelling verduidelik nie? Om die waarheid te sê, hulle het 'n *totaal ander* verduideliking van die aard van die ware God onderrig!

Eerder as die Bybelse teks, vorm Griekse filosofiese geskrifte die agtergrond vir die derde-eeuse besprekings van die "drie-eenheid". *The Roman Catholic New Theological Dictionary* maak 'n aantal openhartige erkennings in hierdie verband. In sy artikel "*Trinity*" gee dit toe aangaande die Skriftuurlike leerstellings oor die aard van die Heilige Gees: "Die Gees is nooit as sulks die uitdruklike onderwerp van Nuwe-Testamentiese aanbidding nie, ook word die Gees nêrens in die Nuwe-Testamentiese verhandelings uitgebeeld as wisselwerkend op interpersoonlike wyse met die Vader en die Seun nie".

Wanneer ons kyk na die ontwikkeling van "Christen"-teologie in die laat tweede- en vroeë derde eeu, bly die name Tertullianus en Origenis na vore kom. Katolieke bronne erken dat hulle "baie van die Helleense wêreldbeskouing aangeneem het... [Tertullianus] is sover bekend die eerste mens wat die term "drie-eenheid" gebruik het" (*New Theological Dictionary*, bl. 1 054).

Dink daaroor! Tertullianus en Origenis was Katolieke teoloë wat gefloreer het tydens die laaste gedeelte van die tweede- en die eerste gedeelte van die derde eeu. Nie een van hulle was eers *gebore* nie tot ver lank na 'n eeu ná die stigting van die Nuwe-Testamentiese Kerk. ***Hulle*** het die grondslag gelê van Katolieke (en later Protestante) leerstellings aangaande die "drie-eenheid" en die aard van God – ***nie*** die Nuwe-Testamentiese apostels soos Petrus, Paulus of Johannes nie.

**God is 'n Gesin**

Die mees diepgaande waarheid oor die aard van God is waarskynlik, hoewel baie min mense dit verstaan, die feit dat God 'n Gesin is! Hierdie waarheid is uiters vertroebel deur die "drie-eenheid" leerstelling. Die uiteindelike lotsbestemming van die mens wat oorspronklik na God se beeld geskape is uit die stof van die aarde, is dat hulle kan bekeer of verander deur 'n innerlike geestelike vernuwing en uiteindelik *weer gebore* kan word in die einste Gesin van God met die opstanding. God is besig om ***baie seuns*** tot heerlikheid te

bring (Hebreërs 2:10)! Jesus Christus word beskryf as die ***eersgeborene*** van ***baie*** broeders (Romeine 8:29).

Let op die Skrif se eenvoudige openbaring van die Godheid. In Genesis 1:1 lees ons dat God die hemel en die aarde in die begin geskape het. Die Hebreeuse woord wat vir God gebruik word, is *Elohim* – 'n meervoudige woord, hoewel dit dikwels enkelvoudig aangewend word. 'n Bietjie later, in Genesis 1:26, sien ons dat God sê: "Laat ***Ons*** mense maak na ***ons*** beeld, na ***ons*** gelykenis". God se opperste doel is om Homself te reproduseer!

Let op wat Paulus verduidelik in Romeine 8:14: "Want almal wat deur die Gees van God gelei word, **dié is kinders van God**". Wat is die implikasie hiervan? As ons God se kinders is, is ons Sy erfgename; "erfgename van God en mede-erfgename van Christus" (vers 17). Uiteindelik sal God se kinders "**vervul kan word tot al die volheid van God**" (Efesiërs 3:19). God is besig om 'n gesin te bou wat sy naam van die Vader– dit is, die **Gesin van God –** sal ontvang (Efesiërs 3:14-15).

Die volle waarheid oor hoe God daaruit sien en wat Hy doen, strek verder as enigiets wat die meeste mense ooit kon droom. God is kenbaar omdat Hy verkies het om Homself te openbaar. Hy wil hê dat u Hom moet leer ken en 'n verhouding met Hom bou wat daartoe sal lei dat u deel word van Sy einste gesin vir alle ewigheid! WvM

## Wat sien u? (Vervolg vanaf bladsy 19)

geleentheid. Simon, die Fariseër, en van sy vriende wou Jesus Christus toets. Diegene wat Simon se ete bygewoon het, het Jesus ongetwyfeld gesien en Sy boodskap by *verskeie geleenthede* gehoor. Hulle was almal vertroud met Sy wonderwerke en het waarskynlik persoonlike kennis gedra van iemand wat Hy genees het. Wat meer is, hulle het almal Sy boodskap oor die Koninkryk van God gehoor en hoe dit werklik moontlik was om daardie Koninkryk te beërwe.

Hoewel Simon na die geleentheid gesoek het om Jesus te sien en na Hom te luister en ongetwyfeld vrae te vra oor sekere aangeleenthede, was hy nie 'n dissipel nie. Ten spyte daarvan dat Jesus sy gas was, het Simon as't ware sy afstand gehou en was afsydig. Hy het byvoorbeeld nie voorsiening gemaak vir water sodat Jesus Sy voete met Sy aankoms kon was nie en het ook nie gegeurde olie vir Sy hoof voorsien nie. Hy het selfs die gebruiklike verwelkomingskus nagelaat. Simon was bereid om Jesus vir aandete te nooi, maar wou nie hê dat sy vriende die indruk moes kry dat hy 'n bewonderaar, wat nog te sê 'n dissipel, van hierdie Rabbi uit Galiléa was nie!

Kort nadat die gaste hul plekke ingeneem het vir ete was Simon en sy vriende in die verleentheid gebring en kwaad gemaak deur 'n onderbreking wat hulle almal onkant betrap het. 'n Vrou wat in die gemeenskap as "'n sondares" bekend was, het te hore gekom waar Jesus die aand sou eet en het ongemerk die vertrek binnegegaan. Voordat enigiemand haar kon keer, het sy by Jesus se voete gekniel. In trane het sy begin om 'n duur houer geurige olie oor Jesus se voete te giet. Terwyl Simon en sy gaste verstom en geskok toegekyk het, het die snikkende vrou Jesus se kaal voete gesoen en hulle met haar hare afgevee.

"Wel, wys jou nou net," het Simon gedink. "As hierdie man werklik 'n profeet was, sou hy sekerlik geweet het dat hierdie vrou 'n sondaar was en sou beslis nie toegelaat het dat sy aan hom raak nie". Jesus het natuurlik geweet wat Simon en sy vriende gedink het. Terwyl die vrou besig was om Jesus se voete af te vee en te soen het Hy na Simon gekyk en gesê dat Hy hom 'n vraag wil vra. Hy het vir Simon 'n storie vertel van twee mans wat elkeen skuld gehad het wat hulle nie kon betaal nie. Die een het 'n groot som geld geskuld terwyl die ander een se skuld betreklik min was. Hul krediteur het beide se skuld afgeskryf. "Wie van hulle" het Jesus gevra "sal hom die meeste liefhê?" Simon het geantwoord dat hy veronderstel

Vervolg op bladsy 27

# Wat sien u?

## Deur John H. Ogwyn

Wat sien u wanneer u om u rondkyk? In Psalm 73 beskryf die psalmdigter dinge wat hom geweldig ontstel het. Hy sien dat baie mense om hom skynbaar wegkom met baie dinge wat nie reg is nie. Die psalmdigter was ontmoedig en het hulle selfs effens beny.

Wat van u? Wat sien *u* wanneer u om u rondkyk? Hoe bly u gelowig en hou aan om te doen wat reg is, wanneer dit wat u om u sien ontmoedigend en oorweldigend mag voorkom?

Baie van die profete van ouds het in baie moeilike tye geleef. Jesaja het die noordelike koninkryk van Israel in Assiriese ballingskap sien gaan en later ook gesien hoe die Assiriërs sy eie volk, Juda, binneval. Jeremia het gesien hoe Juda agtereenvolgende invalle deur Babilonië moes verduur en uiteindelik geheel en al in ballingskap weggevoer is. Esegiël, die priester, het self ook in ballingskap gegaan en het 'n dekade later verneem dat die pragtige tempel in Jerusalem geheel en al vernietig is. In die lewens van hierdie dienaars van God was daar bitter min wat gedui het op 'n blink en belowende toekoms vir Sy mense. Tog, wanneer u die boeke lees wat hierdie manne geskryf het, is dit duidelik dat hulle dinge gesien het wat hul tydgenote nie kon sien nie. Hulle het gebeure gesien en beskryf wat ander mense as onmoontlik sou beskou.

Sien u wanhoop of hoop? Tot en met haar ontmoeting met Jesus het 'n jong vrou wat as 'n "sondares" gemerk was, geen hoop gehad dat die beloftes van die Koninkryk van God op haar van toepassing sou wees nie. Toe gebeur daar iets wat haar lewe verander het. Wat kon sy skielik sien?

Wat u sien, maak die wêreld se verskil. Dit kan wanhoop of geloof tot gevolg hê. Dit kan tot moedeloosheid of hoopvolheid lei. Wanneer u om u heen en na die toekoms kyk, wat sien *u*?

**Wanneer ons om ons kyk**

Het u al ooit gevoel dat baie mense in ons samelewing skynbaar met dinge "wegkom" waarmee hulle nie behoort weg te kom nie? In Psalm 73:2-3 bely die psalmdigter: "Maar wat my aangaan, my voete het amper gestruikel, my voetstappe het byna uitgegly. Want ek was afgunstig op die onsinniges toe ek die voorspoed van die goddelose mense sien". Hy merk verder op: "In die moeite van sterwelinge is hulle nie, en saam met ander mense word hulle nie geplaag nie" (vers 5). Dit blyk onregverdig te wees. Let verder op sy denke: "Kyk, so is die goddelose mense, en altyd onbesorg vermeerder hulle die rykdom! Waarlik, tevergeefs het ek my hart rein gehou en my hande in onskuld gewas. Die hele dag tog is ek geslaan, en my tugtiging was daar elke môre" (verse 12-14).

As dit is hoe die lewe werk, lyk dit baie onregverdig. As dit al is wat u kon sien, blyk dit nie die moeite werd te wees om te probeer nie, maar die psalmdigter skryf verder: "Toe het ek nagedink om dit te verstaan, maar dit was moeite in my oë, totdat ek in die heiligdomme van God ingegaan en op hulle einde gelet het" (verse 16-17). Terwyl hy in God se tempel gemediteer het, het die psalmdigter begin agterkom hoe *kortsigtig* hy was – 'n besef wat sy *hele perspektief* verander het.

Indien u kortsigtig is, sal u 'n baie verwronge uitkyk op sake hê. Dit is noodsaaklik om 'n langtermyn visie te hê. Wanneer die hede al is wat ons kan sien, gaan ons tot 'n paar baie verkeerde gevolgtrekkings kom.

Esau is 'n sprekende voorbeeld. Met sy terugkeer na 'n jagtog het hy op sy broer Jakob afgekom waar hy besig was om 'n groot pot lensiebredie voor te berei. Baie moeg en honger het hy sy broer vir iets te ete gevra. Jakob, altyd op soek na 'n geleentheid om voordeel vir eie gewin te probeer trek, het Esau bredie aangebied in ruil vir sy eersgeboortereg. Esau het, verstommend genoeg, ingestem. "En Jakob het aan Esau brood en die kooksel lensies gegee; en hy het geëet en gedrink en opgestaan en weggegaan. **So het Esau dan sy eersgeboortereg verag**" (Genesis 25:34). Esau was *uiters* kortsigtig. Paulus maak die stelling dat Esau 'n

goddelose mens was – iemand wat duidelik geen respek gehad het vir wat heilig is nie (Hebreërs 12:16). Al wat Esau kon sien was die behoefte en gemak van die oomblik; hy was bereid om sy toekoms weg te gooi vir tydelike bevrediging!

Hoe is dit moontlik om verby die hede te kyk? Een van die belangrikste maniere is om God se Woord te gebruik om die weg wat ons moet volg te verlig. God se Woord is immers bedoel om 'n lamp vir ons voete en 'n lig vir die pad te wees (Psalm 119:105). Dit kan ons help om verby ons huidige omstandighede te kyk en te verstaan waarheen die pad waarop ons is, werklik lei. Spreuke 2 maan ons om wysheid hoog op prys te stel. Ware wysheid en insig kan net van God kom en Hy sal ons "elke goeie pad" toon (vers 9). Ware wysheid is op God se Wet gebaseer. Dit sal ons help om die bose planne en onsedelike voorstelle van wêreldse mense om ons te vermy. Mense wat verval in onetiese, onwettige en onsedelike gedrag is baie kortsigtig. As ons net ons huidige omstandighede raaksien kan ons verstrik raak in baie afbrekende gewoontes en situasies. God se Woord gee ons visie en perspektief op die lewe. Dit stel ons in staat om te sien waarheen ons besluite uiteindelik sal lei.

**Kyk na die toekoms**

Almal van ons wil weet wat die toekoms inhou. As ons egter ons toekomsverwagtings baseer op vooruitskattings van huidige neigings, kan die toekoms uiters somber voorkom. Vandag, net soos nog altyd die geval was, hou baie van die dinge wat om ons aangaan nie veel hoop vir die toekoms in nie. Tog het God gereeld die wanhopigste oomblikke in antieke Israel se geskiedenis gekies om sy profete 'n blik op die toekoms te gee.

In die jaar van koning Ussía van Juda se dood het 'n jong man met die naam Jesaja 'n merkwaardige visioen aanskou. Hy het die glorie van die God van Israel die Tempel sien vul en het die opdrag gekry om God se boodskap te verkondig (Jesaja 6). In die daaropvolgende jare het Juda se geopolitiese situasie sleg gelyk. Assiriese mag het toegeneem en Juda was deur Sirië en Israel vanuit die noorde bedreig. Juda se morele en geestelike posisie was net so ontmoedigend omdat geestelike dienste by die tempel in Jerusalem meestal net blote formaliteit was (Jesaja 1:11-15). Daar was korrupsie regdeur die samelewing. Met verwysing na Jerusalem, die hoofstad van Dawid se koninklike lyn en die ligging van Salomo se tempel, skryf Jesaja: "Ag, hoe het die getroue vesting 'n hoer geword! Dit was vol reg, geregtigheid het daarin vernag – en nou moordenaars!" (Jesaja 1:21). Alles in ag genome was dit maar 'n redelike somber prentjie.

Dit was egter *met daardie agtergrond* dat Jesaja die toekoms gesien en daaroor geskryf het! Let op Jesaja 2:1-3: "Die woord wat Jesaja, die seun van Amos, *gesien* het met betrekking tot Juda en Jerusalem. En aan die einde van die dae sal die berg van die huis van die HERE vasstaan op die top van die berge en verhewe wees bo die heuwels, en al die nasies sal daarheen toestroom. En baie volke sal heengaan en sê: Kom laat ons optrek na die berg van die HERE, na die huis van die God van Jakob, dat Hy ons sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel. Want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van die HERE uit Jerusalem". Wat Jesaja sien voorlê het, was heeltemal anders as waarop sy onmiddellike omstandighede gedui het. Hy het die toekoms deur die lens van geloof gesien!

Jeremia se profetiese loopbaan het meer as 'n eeu na dié van Jesaja begin. Jeremia het sy volk gewaarsku teen 'n dreigende Babiloniese ballingskap in weerwil van ander geestelike leiers se versekering dat God nooit so iets sou toelaat nie. In Jeremia 14:13-14 lees ons: "Toe sê ek: Ag, Here HERE, kyk, die profete sê vir hulle: Julle sal geen swaard sien en geen hongersnood hê nie; maar Ek sal julle 'n duursame vrede gee in hierdie plek. En die HERE het vir my gesê: Die profete profeteer vals in my Naam; Ek het hulle nie gestuur en hulle geen bevel gegee en met hulle nie gespreek nie; hulle profeteer vir julle 'n leuengesig en nietige waarsêery en bedrieëry van hulle hart". Hierdie vals profete was bitter kwaad vir Jeremia as gevolg van sy boodskap en wou hom selfs laat doodmaak (Jeremia 26:11)! Jeremia het hom egter nie laat intimideer nie en het aangehou om die

**Vervolg op bladsy 19**

## Wat sien u? (Vervolg vanaf bladsy 24)

die een wat die skuldeiser die meeste geskuld het die dankbaarste sou wees.

Jesus het saamgestem dat Simon se antwoord reg was en toe na die vrou by Sy voete gewys. Hy het haar opregte liefde, oorweldigende dankbaarheid en aanbidding teenoor Hom in teenstelling geplaas met Simon se gesindheid van koue afsydigheid. Jesus het Simon en sy vriende verder geskok deur haar te vertel dat haar sondes vergewe is en dat haar geloof haar gered het.

Wat het hierdie arme vrou gesien wat Simon en sy vriende nie kon sien nie? Hulle het almal vir Jesus gesien en gehoor, maar hul reaksies was aansienlik anders.

Jesus se boodskap van die Koninkryk van God het hoop in hierdie vrou laat opvlam en daarmee saam 'n gevoel van diepsinnige dankbaarheid en liefde. Omdat sy in die Joodse gemeenskap grootgeword het, was sy ongetwyfeld vertroud met die belofte in die Skrif dat God eendag 'n Koninkryk tot stand sou bring wat alle ander koninkryke sou oortref. Tog – *totdat sy Jesus gehoor het* – het sy geen hoop gehad dat sy self daar sou wees nie. Sy het aangeneem dat so 'n Koninkryk moontlik vir Simon en sy vriende sou wees, maar beslis nie "mislukkings" soos sy sou insluit nie. Sy het haar kans reeds lank gelede "verbeur" en het geen hoop gehad op 'n erfdeel in enige Koninkryk wat God daar sou stel nie.

Toe hoor sy vir Jesus van Nasaret en vir die eerste keer kon sy *haarself* as't ware *sien* in daardie Koninkryk! Haar hoop het weer opgevlam en haar dankbaarheid was diep en opreg. Sy het haar diepliggende behoefte aan Jesus se boodskap en wat Hy bied, *gesien* en sy het geglo wat Hy gesê het. Hierdie nuwe hoop het haar oorweldig en dit het haar lewe verander.

Simon daarenteen het dieselfde boodskap gehoor, maar het glad nie dieselfde reaksie gehad nie. Hy en sy vriende het illusies van geestelike selfstandigheid gehad. Volgens hulle, was hulle nie soveel "verskuldig" nie en het daarom nie baie van Christus nodig gehad nie. Hulle is nie oorweldig deur 'n gevoel van diepe liefde, aanbidding en dankbaarheid toe hulle Jesus gesien het nie. Daardie vrou was egter oorweldig!

Wanneer u na die wêreld om u kyk, sien u die langtermyn perspektief wat die psalmdigter gesien het? Wanneer u na die toekoms kyk, sien u wat die Profete gesien het? Wanneer u na Jesus Christus van Nasaret kyk, sien u wat daardie vrou gesien het? Diegene wat die lamp van God se Woord gebruik om dit wat hulle sien, te verlig en dit te bestudeer deur die lens van geloof, is in staat om te sien wat al God se ware dienaars deur die eeue heen gesien het. WvM

## Persoonlik (Vervolg vanaf bladsy 2)

aan almal gee en wat nou die opkoms en ondergang van nasies bepaal asook in breë trekke die beloop van die mensdom se sake. Ons het egter **ons rug gekeer** op daardie ware God, dus het *Hy* Sy rug op ons gekeer!

Slegs 'n paar jaar gelede, het 'n Gallup meningsopname bevind dat daar *'n groot mate* van "geloofsverdraagsaamheid" onder die meeste Amerikaners bestaan. Baie hiervan is te wyte aan die feit dat mense nie werklik seker is wat om te glo te midde van die geloofsverwarring rondom hulle nie. 'n Artikel in die *U.S. News and World Report* van 6 Mei 2002 lui: "Gallup sê dat die hoë vlak van godsdiensverdraagsaamheid deels 'nie net 'n onkundigheid van ander gelowe weerspieël nie maar ook onkundigheid van elkeen se eie geloof'. In sekere opnames, sê hy, 'is daar Christene wat sê: "Ja, Christus is die enigste weg" en ook: "Ja, daar is baie paaie na God". Dit is nie dat Amerikaners nie in enigiets glo nie, hulle glo eerder in alles'".

Wanneer mense "alles" glo, lei dit tot *verwarring* en *onsekerheid* en doen hulle wat reg is in "hul *eie* oë". Die apostel Paulus was geïnspireer om ons byna 2,000 jaar gelede te waarsku: "Want daar sal 'n tyd wees wanneer hulle die gesonde leer nie sal verdra nie, maar, omdat hulle in hul gehoor gestreel wil wees, vir hulle 'n menigte leraars sal versamel

volgens hulle eie begeerlikhede, en die oor sal afkeer van die waarheid en hulle sal wend tot fabels" (2 Timotheus 4:3-4). Hou in gedagte dat Paulus Timotheus pas *beveel* het: "Ek besweer jou dan voor God en die Here Jesus Christus, wat die lewende en die dode sal oordeel by sy verskyning en sy koninkryk: *verkondig die* **woord**; hou aan tydig en ontydig; weerlê, bestraf, vermaan in alle lankmoedigheid en lering" (verse 1-2).

Tog, in plaas daarvan om die **woord** te verkondig, is baie hedendaagse beleide Christen-leraars aan die rondkyk om te sien watter kant toe die wind waai en preek dan wat "polities korrek" is!

Het u geweet dat, wanneer 'n mens die trappe van die gebou bestyg wat die Amerikaanse Hooggeregshof huisves (naby die bokant van die gebou) daar 'n ry van die wêreld se wetgewers is? Elkeen van hulle is na die figuur in die middel gerig, wat op sy beurt met 'n vol vooraansig vorentoe kyk. Hulle kyk na Moses wat die Tien Gebooie vashou! Het u geweet dat, soos mens die Hooggeregshof binnegaan, die Tien Gebooie op die onderste gedeeltes van die twee groot eikehoutdeure gegraveer is? Het u geweet dat, wanneer 'n mens binne-in die hof sit, die Tien Gebooie op die muur reg bokant die regter uitgebeeld word? Het u geweet dat James Madison (die vierde president van die VSA wat bekend was as die "Vader van die Konstitusie") gesê het: "Ons het al ons politiese instansies gebaseer op die mensdom se vermoë om homself te regeer en op die vermoë van 'n ieder en 'n elk van ons om onsself te kan regeer, te beheer en onsself te onderhou in ooreenstemming met die Tien Gebooie van God".

*Hoe ver* het ons nie al gekom nie! Hoe ver het die Amerikaners, Kanadese, Britte en Suid-Afrikaners nie al gedaal van die diep respek wat ons *in die verlede getoon het* vir die **grote God** wat ons lewe gee nie! Ons "vrees vir God" is bykans **weg**!

'n Bietjie meer as 70 jaar gelede het Calvin Coolidge, toe president van die VSA, gesê: 'n Fontein sal ophou vloei as die bron opdroog; 'n boom sal wegkwyn as sy wortels vernietig word. In die breë gesien, is die Verklaring van Onafhanklikheid 'n groot geestelike dokument. Dit is 'n verklaring van geestelike en nie fisiese idees nie. Gelykheid, vryheid, onafhanklikheid en menseregte – is nie fisiese elemente waaraan ons kan vat nie, maar ideale, waarvan die oorsprong en wortels in geloofsoortuigings is. Hulle is deel van die onsigbare wêreld. As die geloof van die Amerikaanse volk nie in hierdie geloofsoortuigings volhard nie, sal die beginsels van die Verklaring van Onafhanklikheid vergaan. *Ons kan nie voortgaan om die resultate te geniet as ons die* **oorsaak** *nalaat en opgee nie*" (klem ons eie).

Dit is uiters belangrik dat elkeen van u intekenare ten volle besef dat ons hele span skrywers en redigeerders hier by *Tomorrow's World* beslis in 'n **ware God** glo. Ons glo vas in en het aan onsself die *goddelike inspirasie* van die Bybel bewys. U moet weet dat ons dikwels *alleen* sal staan wanneer ons sekere belangrike **waarhede** van die Bybel, van God se leefwyse en van God se massiewe ingryping in die mens se sake wat sal plaasvind, aan u oordra, **indien** ons nasies hulle nie opreg **bekeer** nie. Ons hoop en bid dat elkeen van u ons artikels noukeurig en met 'n ***oop*** gemoed sal lees en dat u *aan uself* die bestaan van 'n ware Skeppergod én die feit dat die Skrif geïnspireer is, sal *bewys*. Daarbenewens hoop ons dat u die fisiese en geestelike energie aan die dag sal lê om "na te slaan" wat die Bybel *werklik* sê en dat God u die moed sal gee om op Sy Waarheid te **reageer**.

Indien u ooit persoonlike hulp, persoonlike raadgewing of 'n besoek by u huis of kantoor verlang, skryf of skakel asseblief en laat ons weet. Ons het verteenwoordigers naby die meeste groot stede regoor die wêreld. Een laaste nota: As daar een enkele letterkundige stuk is wat die beste opsom *hoe* ons in hierdie Werk anders is en *wat* u te doen staan, is dit ons insiggewende boekie, *Hervestig die Christenskap van die Apostels*. Indien u dit nog nie reeds gedoen het nie, sorg dat u *vandag* nog skakel of skryf vir u gratis kopie.

